

VAN MELLE AS PROSASKRYWER.

E. A. M. JOUBERT.

SKRIPSIE aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M.A. in NEDERLANDS en AFRIKAANS aan die Universiteit van Kaapstad.

1945.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

I N H O U D S O P G A W E .

HOOFSTUK 1. INLEIDING.

HOOFSTUK 11. VAN MELLE AS ROMANSKRYWER.

HOOFSTUK 111. VAN MELLE AS KORTVERHAALSKRYWER.

- (a) Blote Vertellings.
- (b) Stemningsverhale.
- (c) Bespiegelende Verhale.

HOOFSTUK 1V. VERGELYKENDE STUDIE VAN VAN MELLE,
DIRK MOSTERT EN J. LUB.

HOOFSTUK V. VAN MELLE SE WERKMETODE EN STYL.

HOOFSTUK VI. S L O T .

I N L E I D I N G .

Van Melle is 'n skrywer wat die Afrikaanse volkslewe waarnem en die vernaamste aspekte daarvan in sy verhale weergee. Dit is moeilik om te besef dat hy 'n Hollander van geboorte is, so volkome het hy hom aangepas by ons Afrikaanse Volksaard en ons tradisies aangeneem as sy eie. Hy het geleer om te dink en te voel soos 'n Afrikaner. Sonder om self 'n Afrikaner te word, sou hy nie in staat gewees het om ons Afrikaanse volkskarakter te deurgrond en karakters te skep wat in murg en bloed Afrikaners is nie.

Hy het hom veral aangetrokke gevoel tot die mense van die platteland. Hy voel hom tuis in die klein platdakhuisie van die bywoner waar hy saans om die kombuistafel met die familie kan sit en na die boekevat stil in die kerslig kan sit en staar. Van Melle skryf nie van hoor-sê nie, en put nie sy stof uit tweedehandse bronne nie. Hy het beweeg onder die mense van wie hy skrywe, hy het hulle aangeneem as sy vriende, en hy ken hulle lewensomstandighede. Dit is daarom dat sy werk so'n sterk indruk van egtheid en waarheid by ons nalaat.

Hy skryf nie alleen oor die boeremense nie, maar hy stel ook aktuele belang in die mense van die dorpe en stede. Van Melle hou van mense; hy hou daarvan om al hulle doen en late op sy eie onbevooroordeelde manier waar te neem, en dan stories oor hulle te skrywe. Deur sy venster aan die straat beskou hy jonk en oud; die ou man wat sukkelend langs die sypaadjie aangeloop kom en voel-voel met sy kiere die straat oorgaan; die meisie wat verbytrippel en net skalks na die seuns oor haar skouer loer; die jongman wat met vasberade tred aangeloop

kom, sy hande in sy sakke en in sy gedagtes bewig om die probleme van die wêreld op te los.

Sy verhale bly baie naby die nugtere werklikheid. Hy beskrywe wat hy om hom sien en niks meer nie. Hy verbloem nooit die slegte en vergroot nooit die goeie nie. Sy werk dra die kenmerke van soberheid en eenvoud. Deurgaans is hy getrou aan die vereiste wat hyself aan die realisme stel: „ 'n Realis hou van eenvoud, van onopgesmuktheid, is wars van mooidoenery en opsiering, hou van die naakte ding, bemin die waaragtigheid; hy wil geen onmoontlikhede, geen onwaarskynlikhede nie, maar hy wil die logiese, die aanneembare, en die verklaarbare." (1)

Hy bly die onbevooroordeelde waarnemer. Gewoonlik is dit nie sy doel om 'n mening uit te spreek oor sy mense of oor hulle handelwyse nie. Hy wil net op 'n eenvoudige manier vir ons van hulle vertel, sodat ons hulle handelwyse kan verstaan. Omdat hy verstaan, veroordeel hy nooit nie. En as hy vir ons leer om te verstaan, kan ons dan nog veroordeel ?

Uit sy groot liefde is gebore 'n onmeetlike medelye met die mensdom, 'n diepe weemoed oor die onvermydelikheid van die swaar van die lewe. Sy mense meen dit goed, maar kortsigtigheid en, in sekere gevalle domheid en dwaasheid, maak dat hulle so uiters magteloos is teen die omstandighede wat hulle oorval.

Dit is hier waar Van Melle daarin slaag om meer te wees as 'n blote verteller. Hy word die uitbeelders van een of ander diepliggende aspek van die sosiale of volkslewe.

(1) J. van Bruggen - Bespreking in die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring van 1936 deur J. van Melle bl. 58.

Hy bly nie beperk tot sy waarnemings nie, hy dink na oor wat hy sien: Hy probeer om deur te dring tot die dieper waarhede wat opgesluit lê in die skynbare alledaagse verskynsels van die lewe. Deur sy verhale, veral sy bespiegelende verhale, wil hy die algemene gevolgtrekkings waartoe hy kom, uitbeeld, en oordra aan sy lesers. Hierby is hy 'n oortuigde godsman. Soos Abel Coetzee in die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring van 1938 skrywe: „Sy godsdienssin en liefde vir die Skrif is die kernpunt van Van Melle se hele bestaan, die kernpunt van sy lewenswysheid, die krag en bronaar van sy kuns." (2)

Van Melle is dus 'n skrywer wat skrywe met 'n doel. Soms bly sy verhale blote vertellings, soms bereik hy intens-deurleefde momente waarin hy daarin slaag om daardie ervaringsmomente by die leser op te roep; maar meesal skryf hy om 'n gedagte of 'n etiese beskouing by sy lesers tuis te bring.

In die volgende hoofstukke sal ons oorgaan om die bogenoemde stellings toe te lig deur 'n bespreking van sy romans en kortverhale.

(2) Artikel oor Afrikaanse Prosa o.a. die Kortverhaal deur Abel Coetzee in die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring 1938 bl. 146.

HOOFSTUK 11.

VAN MELLE AS ROMANSKRYWER.

Tot nog toe het daar slegs twee romans van die pen van Van Melle verskyn tw. Bart Nel, wat oorspronklik in Nederlands uitgegee, is maar later in Afrikaans verwerk is tot En Ek Is Nog Hy, en Dawid Booysen. Omdat daar so min stof beskikbaar is, is dit moeilik om tot 'n algemene gevolgtrekking oor Van Melle as romanskrywer te kom. Daar is egter twee kenmerke wat die leser opval nadat hy hierdie twee romans gelees het. Eerstens word hy getref deur die oortuigende realisme waarmee die Afrikaanse boeremense en die lewe op die platteland uitgebeeld word, en tweedens dat Van Melle hom in hierdie twee romans hoofsaaklik wy aan die uitbou van een sentrale gedagte of boodskap.

Die hoofgedagte in die geval van die twee genoemde romans is die innerlike stryd van 'n man om ten spyte van teenspoed en terugslae, getrou te bly aan homself en aan sy opvatting van wat reg en verkeerd is. Die gedagte bly egter nie beperk tot die een man en sy persoonlike probleem nie - dit is breër van opset en is van toepassing op ons hele gemeenskap en ons hele volk. Alhoewel hierdie toepassing nie met soveel woorde uitgedruk word nie, slaag Van Melle daarin om die algemeen didaktiese strekking by die leser te laat posvat, sodat hy dit sal onthou lank nadat hy die boek en die besondere karakters vergeet het. Van Melle slaag daarin om hierdie eenheidsgedagte in so'n mate by die leser na te laat, deurdat hy nie, soos so baie ander romanskrywers, tyd of ruimte bestee aan die uitbou van ondergeskikte motiewe of karakters nie. Die aandag word dwarsdeur

die verhaal uitsluitlik op die hoofgedagte toegespits, en die bykomende karakters en voorvalle is belangrik net in soverre hulle betrekking het hierop.

Laat ons eerstens stilstaan by die roman En Ek Is Nog Hy. Die sentrale eenheidsgedagte is hier dat innerlike sterkte uit die uiterlike nederlaag of teenspoed gebore kan word.

As die hooffiguur wat die draer van hierdie gedagte gaan wees, kies Van Melle Bart Nel, 'n jong Transvaalse boer, vir wie die een onvermydelike teenspoed na die ander tref, maar wat in weerwil daarvan getrou aan sy beginsels bly. In die slot-toneel ontdek hy dan dat alles wel van hom beroof is, maar dat hy sy siel behou het. Hierin vind Bart Nel sy sterkte.

As agtergrond vir sy verhaal kies Van Melle die Rebelle van 1914. Bart Nel is een van die eerstes om sy plaas, sy vrou en sy kinders te verlaat en aan te sluit by 'n Rebelle-kommando. Hy word as kommandant gekies, maar selfs hy besef na 'n paar weke van doellose rondtrekkery dat die opstand gedoem is tot mislukking. Die volk self is te verdeeld en die regeringstroepen besit die voordeel van volop ammunisie en voorrade. Hulle besluit om oor te gee en Bart Nel word tot 'n paar jaar tronkstraf gevonnis.

Die mislukking van die Rebelle is nog nie al wat vir Bart Nel as man op die proef gaan stel nie. Fransiena, sy vrou, wat van die begin af teen die Rebelle gekant was, was nie in staat om met die boerdery voort te gaan nie, en sy skrywe vir haar man in die tronk of sy maar die grond kan verkoop. Nie lank daarna nie vra sy of dit nie beter sal wees as hulle maar skei nie - 'n ou minnaar, Ferdinand Basson het om haar

hand gevra.

As hy eindelijk vrygelaat word, huur hy grond in die hoëveld en gaan woon daar met Annemie, sy lieflingskind. Sy bly net een jaar by hom en daarna moet hy, ter wille van haar opvoeding, instem dat sy by haar tante gaan woon. In hierdie oomblik wanneer Bart Nel beroof staan van alles, van sy grond, sy vrou, sy kinders, word hy bewus van homself - dat hy nog hyself is, dat hy sy siel nog besit. Soos Job van ouds is alles hom ontnem - „Net my het hulle nie." In die donkerste uur van teenspoed ontdek hy die sterkte in homself as blote mens.

„Hulle het nou alles," sê hy half uitdagend, „Hulle het my grond, my vrou, my kinders, maar my het hulle nie. Hulle kan maar kom, hulle kan my maar in die tronk gooi en hulle kan maar my grond vat; hulle kan my maar doodskiet ook, maar my sal hulle nie kry nie."

„My kry hulle nooit nie." se Bart. „Ek is Bart Nel van toe af, en ek is nog hy." (bl.207)

Dit is dan die kerngedagte wat Van Melle in hierdie roman wil beklemtoon. Uit die nederlae wat Bart Nel moet ly - want het alles wat hy aangedurf het, nie maar op 'n nederlaag uitgeloop nie ? - word sy sterkte gebore. Hoekom ? Omdat hy dwarsdeur getrou gebly het aan homself en aan sy oortuigings ten opsigte van wat reg en verkeerd is.

Die gedagte word nie beperk tot die persoon van Bart Nel nie. Dit is nie alleen die stryd van Bart Nel wat hier gestry is nie, dit is die stryd van die hele Afrikanervolk om getrou te bly aan die ideale waarvoor hulle skaars vyftien jaar gelede

hulle goed en bloed geoffer het. Die Rebelle was weliswaar 'n mislukking, maar juis die mislukking daarvan het die Afrikaners van hulself as volk bewus gemaak. Soos Bart Nel aan die burgers sê nadat hy uit die tronk gekom het - „die Rebelle was soos wind wat 'n smeulende mis laat opvlam het en die wêreld gras aan die brand steek.” (bl.162) Die stigting van die Helpmekaarfonds, die vinnige toename van die ledetal van die Nasionale Party, sowel as ander uitings van die groeiende volksgevoel, is 'n bewys dat juis die mislukking van die rebelle bygedra het om die Afrikaners nasiebewus te maak.

Die verhaal eindig dus op 'n hoopvolle toon. Soos Bart Nel het die Afrikaanse volk ook getrou aan homself gebly - nou kan „hulle” en al „hulle” magte maar kom, sy siel het hy en sal hy behou.

Soos ons reeds gesien het, is die skrywer se doel met hierdie roman die uitbou van een sentrale gedagte. Hy wy dus in die eerste plek al sy aandag aan die uitbeelding van daardie karakters wat die draers van hierdie gedagte gaan wees. Die ander persone is van belang in soverre hulle die handelwyse en opvattinge van die hoofkarakters, Bart en Fransiena, beïnvloed. Die karakteruitbeelding van Oom Gawie, Fransoois, Maria, Tant Johanna, Oom Kasper e.a. bly dus natuurlikerwyse in 'n groot mate eensydig.

Die uitbeelding en kontrastering van die karakters van Bart en Fransiena is hoofsaak. Van Melle slaag daarin om van albei van hulle lewende wesens te maak met eie karakters, eie opvattinge, en 'n eie emosionele lewe. Albei het sterk persoonlikhede en hulle verskil in mening insake die rebelle sal lei tot 'n onvermydelike botsing. Om volledig en oortuigend hulle persoonlikhede aan te dui, maak Van Melle gebruik van

sekere middels. Hierdie middels word kunstig by die gang van die verhaal ingevleg, en die karakters word natuurlik en ongeforceerd stap vir stap aan ons ontvou.

Eerstens kry ons direkte beskrywings van die mense as hulle aan ons voorgestel word. In die heel eerste beskrywing van Fransiena deel die skrywer ons mee dat sy vrou met 'n eie wil is „Behendig beweeg haar hande oor haar werk en haar voete trap vinnig die masien. Op die eerste gesig al sien jy wat sy is, 'n vrou wat lief kan wees as jy haar 'n kans gee en een wat haar wil kan laat gelde as jy teen haar ingaan.” (bl.8) Ons kry hier 'n aanduiding dat sy haar nie gedwee sal onderwerp aan die wil van haar man nie. Die krag en deursettingsvermoë en wilskrag van Bart Nel spreek uit die raak beskrywing van sy voorskoms:

„Dis 'n lang, sterkgeboude man. Hy is in sy werks hemp, die moue opgerol en die hals oop. Bokant sy breë bors staan sy donker kop dapper en hoogmoedig. Sy mooi bruingebrande gesig, swaar benig en gespier, met sy vasgeslote lippe en sy byna swart, onversaagde oë lyk stug en nors.” (bl.11)

Tweedens is 'n beskrywing van die gedagtegang van die karakters 'n middel waardeur 'n skrywer hulle diepste wesens aan die leser bloot kan lê. Dit is trouens een van die direkste maniere van karakteruitbeelding. Die persoon openbaar hom direk aan die leser sonder die tussenkoms van enige derde figuur. Van Melle maak baie dikwels van hierdie middel gebruik om die persone se politieke sienswyse en veral hoe hierdie sienswyse hulle verdere optrede gaan beïnvloed, uiteen te sit. So leer ons vir Bart Nel ken as die vaderlander wat bereid is om sy patrone in sy bandolier te pak en sy perd op te saal te eniger tyd as sy land hom nodig het. Ons sien hom

as die man met die jster wil wat die pad wat sy gewete hom aanwys, sal loop al moet hy dit alleen loop. In die aande as sy manskappe om die vuur lê en 'n paar uur slaap probeer kry, hou hy wag, en in sy gedagtegang volg ons hom as die besorgde leier wat nie kan rus voordat hy weet dat dit goed is met sy mense nie.

In die tronk kry hy die brief van Fransiena waarin sy voorstel dat hulle maar skei. Met sy hande geklem om die tralies en sy kop voorgebuig oor sy arms stry hy in die donker daardie bitter stryd wat hy in die eensaamheid van sy eie siel moet deurworstel. Ons leer hom hier ken as die man wat liefhet, wat sag en teer kan voel oor 'n vrou, en wat diep gekrenk is omdat sy vrou hom in die steek laat nou dat hy reeds platgeslaan is. Maar ons sien hom ook as Bart Nel die eenling, die man wat hulle kan buig, maar nooit breek nie. „Ek wil geen vrou hê wat nie met haar hart by my is nie, wat na 'n ander man verlang as sy langs my sit. Ek kan alleen staan. Alleen sal ek my pad deur die beroerde wêreld loop.” (bl.156)

In Fransiena se gedagtegang word die teenkant aan ons gestel. Van die staanspoor af is sy teen die rebellie gekant en verwyf sy vir Bart dat hy vir haar en die kinders in die steek laat om teen die regering te rebelleer. Ons kom agter dat sy terugdeins vir die opofferings wat deelname aan die rebellie van haar sal verg. Veral in haar gedagtes is sy hatig op die rebelle en verheug sy haar in hulle spoedige nederlaag. Die manier waarop sy reageer op die attenties wat Basson vir haar bewys, openbaar haar as 'n tipiese vrou, en die gedagtes waartoe sy herhaalde besoeke aanleiding gee, is eie aan haar wispelturige natuur. As sy besluit om met

hom te trou, is dit oortuigend en aanneemlik, omdat ons alreeds agtergekom het dat haar liefde vir Bart aan die kwyn is, en dat sy haarself oortuig het dat hy haar in die steek gelaat het en nie haar liefde werd is nie.

Met 'n baie diep indringing in haar natuur beeld Van Melle haar gedagtes uit die aand nadat sy Bart se brief wat die eg-skeiding goedkeur, ontvang het. 'n Paar omblikke het sy berou, en in haar gedagte herleef die herinnering aan al die geluk en liefde wat sy en Bart in die verlede gedeel het. Hierdie op-flikkering duur egter nie lank nie, en in die môre het die voor-neme van die vorige aand om weer aan Bart te skrywe, reeds verflou.

By sommige skrywers bestaan die gevaar dat hulle die karak-ters gebruik as spreekbuise vir hulle eie gedagtes - dink maar aan Hans die Skipper van D.F. Malherbe. By Van Melle is dit hier nie die geval nie; ons voel deurgaans dat hy sy onpersoon-likheid streng handhaaf. Hy bly in so'n mate die objektiewe waarnemer dat ons nooit werklik agterkom of hy ten gunste of teen die Rebelle was nie.

Van Melle gebruik ook die dialoog as 'n middel tot karakter-uitbeelding. Uit die woorde van Bart en sy vrou leer ons hulle ken.

„Wat gaan jy maak ?” vra Fransiena toe hy weg is. „Gaan jy ook rebelleer?”

„Ek dink so.”

Sy kyk hom kwaad in die oë. „En jy sal my hier laat sit om vir die boerdery te sorg?”

„Jy is mos 'n boervrou; jy kan mos dinge reghou vir 'n tydjie.”

„Jy wil in die veld gaan en oorlog maak en jou boerdery verwaarloos ? - Wat van al ons skuld?"

„Dit sal reg kom."

„Nie so nie."

„Wat wil jy dan?"

„Dat jy stil sit."

„Nee, jong, ek was nog altyd 'n man gewees, hoop ek."

„Maar ek gaan ook weg. As jy in die veld gaan, bly ek nie hier nie. Dan gaan ek na my ouers; dan laat ek hier alles na die hoenders gaan."

„Maak soos jy wil," antwoord hy onverskillig. „Eers maak ons hierdie ding reg en dan maak ek met jou reg." (bl.32e.v)

Die mense praat soos hulle is. Bart Nel praat kort en beslis. Nooit skemer daar huiwering, onsekerheid, weekheid of tekens van verslapping in sy woorde deur nie. Hy praat nie met ompaais nie, hy stuur reg af op die ding wat hy wil sê, net soos hy reg afstuur op die ding wat hy wil doen.

Uit Fransiena se manier van praat kan ons ook aflei dat sy 'n sie wil het en dat sy nie sal ^{te}togee tensy sy oortuig is dat sy verkeerd is nie.

Verder word die karakters gebeeld deur hulle handelwyse onder verskillende omstandighede. Deurgaans is die optrede van Bart Nel - op sy plaas, op kommando, in die tronk, voor die skare wat hy moet toespreek nadat hy vrygestel is, en in die hoëveld - sprekend van hom as 'n man wat vasstaan in sy oortuiging. Sy handelwyse boesem vertroue in by sy manskappe en by sy volksgenote. Sy besluit om nie vir Fransiena terug te neem as sy weer na hom wil kom nie, getuig van sy ystere wil en kenmerkende welfkontrole wat selfs neig tot koppigheid.

, So leer ons ook vir Fransiena uit haar daade ken as iemand

wat eiesinnig en eiegeregtig is, maar tog swak en feilbaar as selfopoffering en duursame trou van haar geverg word.

'n Ander middel wat Van Melle met sukses aanwend vir karaktertekening is die weergawe van die menings wat ander karakters oor een of ander persoon uitspreek. Fransoois kenskets Fransiena raak as hy sê: „'n Mooi vrou, maar ongemaklik, lyk dit my, as dit nie gaan soos sy dit wil hê nie.” (bl.26)

So sê Fransiena van Bart „Jou kop is van yster; mens kan hom nie breek nie. Wat jy wil doen, doen jy.” En later „Hy stel hom so ongenaakbaar trots bokant haar. In klein dinge goed, maar in groot sake die heerser, die baas, die man wat beveel en vir wie sy moet volg en wie sy moet gehoorsaam.” (bl.133)

Dit is met opset dat ek so lank stilgestaan het by die karaktertekening in hierdie roman. Tot dusver het ek aange-ton hoe dat die lewens van die karakters self die hoofgedagte vertolk. Die hoofgedagte is egter ook van toepassing op die hele volk. Bart en Fransiena verteenwoordig die twee groepe waarin ons volk in 1914 verdeel was - die wat wou rebelleer en die wat regeringsgesind was. Bart is soos Koki van N.P. van Wyk Louw in Raka, die verpersoonliking van die edeler deel van die volk wat opstaan om 'n skynbare hopelose stryd teen die vyand van die volk te stry. Fransiena is soos die res van die stam wat óf blind is vir die gevare wat Raka meebring óf te traag is om hulle loue volgsaamheid af te skud en teen die gevaar weerstand te bied.

Die geslaagdheid van die toepassing op die volk hang in 'n baie groot mate af van die geslaagdheid van die uitbeelding

van hierdie twee karakters. Ons het gesien hoedat Bart Nel oortuigend is as die volksman wat alles vir sy beginsels offer en dan nog sterk genoeg is om in sy nederlaag sy sterkte te vind. So is Fransiena ook oortuigend geteken as die swakkere wat terugdeins vir die opofferings wat geverg word, en uiteindelik tot die besef kom dat sy deur nie te gee nie, alles verloor het.

Bart en Fransiena is sinnebeeldig van die breër gedagte dat 'n volk wat bereid is om die onmiddellike opofferings te doen, die uiteindelijke oorwinning sal behaal; terwyl 'n volk wat hom toespits op sy onmiddellike materiële welvaart uiteindelik 'n morele sowel as materiële nederlaag moet ly. Omdat hulle as mense vir ons oortuig, is die boodskap wat Van Melle deur hulle aan ons bring ook oortuigend en sterk.

Ten slotte net 'n paar woorde oor die atmosfeer en die milieuskildering in hierdie roman.

Met 'n begrypende blik wat verbasend is aangesien van Melle 'n uitlander van geboorte is, aanskou hy die handjievol Boere wat hulle perde opsaal om te gaan oorlog maak teen die regering en teen die oorgrote meerderheid van hulle volk

Was daar al ooit so 'n oorlog? - 'n oorlog waar hulle maar liewers misskiet, want dis hulle broers teen wie hulle veg. Van Melle is diep geroer deur die tragiese maar tog die heroïese van hierdie oorlog. Hulle is gehard, hierdie ou strydery, vegters van die ou garde, Boere wat gewoon is om op Kommando te wees, maar tog is hulle so kinderlik, so eenvoudig in hulle denke, so onseker van hulle planne, so maklik oorgehaal tot onenigheid en tweedrag. Van die staanspoor af is hulle poging gedoem tot mislukking.

Baie realisties word die eerste paar weke van kommando-lewe weergegee. Dis aand en Bart-hulle het in 'n swarthout-plantasie afgesaal om darem op 'n manier beskut te wees teen die reën. Bart lê wakker -

„Die vure is dood; die reën val eentonig, sonder swakker of sterker te word. Hy hoor die gestrompel van die gespanne perde en nou en dan die gedempte gepraat van die wagte. Hy twyfel nou of hy wel 'n goeie slaapplek uitgesoek het, of dit nie veiliger sou gewees het om in die oop veld af te saal nie. 'n Vyand kan hulle hier al te maklik vaskeer.

Van 'n tak begin die water op sy hoed te drup; sy kombers word al hoe swaarder. Gelukkig is sy jas dig, maar tog begin hy langamerhand koud word. Onrustig lê hy en luister." (bl.45)

Enkele dae later sak daar weer 'n bui reën uit. In 'n paar sinne laat hy ons die toneel helder voor ons sien.

„Die wind waai die perde se sterte eenkant toe en 'n harde reën met hael gemeng, val op hulle. Die Kommando hou stil en die perde draai hulle agterlywe na die wind. Gehurk onder die koppe van hul perde wag die rebelle tot die bui oor is. By 'n bloekomplantasie saai hulle af." (bl.56)

Van Melle is ook in staat om huislike toneeltjies baie plasties te skilder. Ek dink veral aan die toneeltjie tussen Oom Kasper en Tant Johanna - Fransiena se ouers, waar hulle in die nag wakker lê en tob oor Franziena wat nou van Ferdinand wil skei en na Bart wil teruggaan.

„Hulle lê weer en dink. Die kers staan op 'n tafeltjie by sy kop. Die groot kamer met stoele en groot klerekas, die wastafel met waskom, dit staan alles met hulle ligkante en donker skaduweekante asof dit alles staan en luister. Hy gaan

orent sit, reik na sy baadjie wat oor 'n stoel hang en kry sy pyp." „Verniet om nou te wil slaap," sê hy. (bl. 184)

In hierdie toneel voel ons die onrus en die kommer van hierdie twee ouerharte.

Van Melle bereik nog 'n hoogtepunt in sy stemmingskuns in die toneeltjie tussen Ferdinand en Fransiena nadat sy weer terug is by hom. Baie oortuigend en met 'n diep sielkundige deurdringing teken Van Melle hierdie twee mense wat nou hulself aan mekaar heeltemal bloot gelê het en daardeur baie nader aan mekaar gekom het as ooit tevore.

In sekere opsigte vertoon die roman Dawid Booysen 'n ooreenkoms met En Ek Is Nog Hy. Alhoewel die tema hier eerder sosiaal as nasionaal beskou kan word, gaan die verhaal ook oor 'n man wat deur teenspoed gelouter word.

Dawid Booysen is gelukkig getroud, en hy en Maria voer 'n bestendige dog effens selfsugtige lewe op hulle plaas. Tydens sy afwesigheid sterf Maria by die geboorte van hulle eerste kind. Hierna vind daar 'n hewige reaksie by Dawid plaas. Hy raak verbitterd teenoor God en sy medemens en soek ontvlugting in 'n losbandige lewe van drank en dobbel en kaartspeel. Later kom hy tot besinning, veral na sy huwelik met Duif. Stadigaan begin hy die oppervlakkigheid en die selfsug van sy lewe besef en hy voel 'n drang om iets by te dra tot die geluk van sy medemens. Hy wend 'n poging aan om die lewensomstandighede van sy huurlinge te verbeter en hy kry o.a. 'n kafferpredikant om vir sy werkvolk kerk te hou. Toe Oom Freek hom eindelijk die brief van Maria gee wat hy jare-lank teruggehou het, en haar stem so te sê van oorkant die graf hom vermaan om sy krag en geld in diens van God te

gebruik, sterk dit vir Booysen nog meer in sy voornemens. Wanneer Booysen eindelik sterf, sterf hy as 'n regverdige man wat die goeie stryd op aarde volstry het.

Die hoofgedagte in hierdie boek is dat 'n mens nie moet verbitterd raak teen God wanneer 'n ramp jou tref nie, maar jou moet berus in Sy wil en die leemte in jou lewe vul deur goeie daade. In die geval van Booysen neem sy goeie daade die vorm aan van opheffingswerk onder sy medemens.

Weer voel ons dat die gedagte hier nie beperk bly tot die geval van Dawid Booysen nie. Van Melle probeer deur die lewe en handelwyse van Booysen uitbeeld hoedat die individu sowel as die volk nie moet versink in sy kleinlike smart en griewe nie, maar dat hy homself moet uitleef in die opheffing van sy uitgesakte volksgenote. Daarin sal hy ook rus en bevrediging vir homself vind. Van Melle lewer 'n pleidooi vir 'n meer sosialistiese lewenshouding onder die Afrikaners wat dan sal lei tot verbetering van die lewenstoestande onder die armblankes, die kaffers en die kleurlinge.

Karakteruitbeelding, handeling en selfs die intrige is ondergeskik aan die uitbeelding van hierdie sosiale gedagte. Daar is een motief - naamlik hoedat Booysen daartoe kom om sy lewe te wy aan hierdie opheffingswerk, en alle bykomende botsings of verwikkelings word doelbewys vermy. Selfs as die liefdesverwikkelinge verloop bestendig en sonder enige krisis wat moontlik die aandag van die hoofmotief sou aflei. Natuurlik en maklik verwek die geneentheid wat Dawid vir Maria voel, 'n wedersydse liefde by haar. As Dawid na Duif gaan vry, ondervind hy geen teenstand nie, en selfs Heila gee vir hom die ja-woord as die vraag skaars koud uit sy mond is.

Ongetwyfeld voel van Melle dat enige spanning of emosionele konflikte die aandag van die hoofgedagte sal trek, veral omdat die gewone leser meer belangstelling sou toon in die liefdes-ervarings van Booysen as in sy etiese beskouings.

Die karakters word ook met die oog hierop geteken en is derhalwe betreklik eensydig. Ons leer soveel van Duif en Maria en Heila en Oom Jan en al die ander ken as wat betrekking het op die uitbou van die hoofmotief. Geeneen van hulle tree as volledige mense op nie. Hulle persoonlike probleme, ideale en gedagtes m.a.w. daardie dinge wat vir hulle as mense aan ons sou openbaar, is hier nie ter sprake nie.

Die hoofmotief word dikwels herhaal. Die eerste aand as Maria en Dawid saam kerk-toe gaan, preek die predikant in hierdie rigting. In die tweede hoofstuk verwyf Oom Jan, Maria se stiefvader, homself dat hy gedurende sy leeftyd nie meer vir sy medemens gedoen het nie. Hy sal dit moet oorlaat aan Dawid en Maria.

As Maria voel dat haar dood naby is, kwel dieselfde gedagte haar en in 'n brief maan sy vir Dawid aan om sy christelike plig teenoor die wat onder hom gestel is, na te kom.

Ons sien dus dat die inkleding van die verhaal deurgaans met die hoofmotief rekening hou. Nou bly daar vir ons oor om te besluit: Is die persoon van Dawid Booysen oortuigend genoeg uitgebeeld om die motief te dra? Is sy handelwyse deurgaans gemotiveer sodat dit hyself is wat volgens sy eie aard en karakter optree, en nie van Melle wat sy handeling vooraf bepaal nie.

In 'n mate is Booysen oortuigend uitgebeeld. Van die begin af sien ons hom as 'n ernstige, godvresende seun wat die

Here wil dien, Die hewige reaksie na Maria se dood en die losbandige lewe waaraan hy hom oorgee, is aanneemlik en toon sielkundige insig aan die kant van die skrywer. Wat egter nie so oortuigend is nie, is die ywer waarmee Booysen hom begin toewy aan liefdadigheidswerk. Ek voel dat die verhaal sielkundig baie meer oortuigend sou gewees het indien daar 'n onmiddellike oorsaak van sy verandering van sienswyse was. As hy b.v. dadelik die brief van sy oorlede vrou gekry het, sou dit 'n sterk genoeg drang by hom geskep het om sy lewe voortaan te wy aan die vervulling van haar laaste wens. Op die manier sou die skrywer homself baie meer op die agtergrond kon gehou het en sy gedagtes in die persoon van Dawid Booysen geobjektiveer het. Soos die verhaal nou staan, voel ons dat dit later nie meer Booysen is wat praat nie, maar Van Melle wat nadink in hoeverre persoonlike liefdadigheidswerk, ons armbankeprobleem sal kan oplos. Dit is van Melle wat die leemtes in ons ekonomiese en sosiale stelsel baie sterk aanvoel en in die sindikalisme waarnaⁱⁿ Booysen nou so vinnig opgaan, 'n oplossing seek.

Dit is te vergesog om te veronderstel dat 'n origens tipiese Transvaalse boer nou met hierdie, vir ons nog rewolusionêre menings, voor die dag sal kom.

Dawid verduidelik b.v. sy idees aan sy skoonpa. „Ons moet , meer vir onself werk, " sê hy, „Ons moet eers vra wat is die behoeftes van onself, van ons mense en kaffers op die plaas, van ons diere, en nie net aan die mark dink nie. Neem b.v. ons mielies. As ons oes het, verkoop ons alles, en ons weet nie of daar na 'n jaar nie miskien 'n groot tekort aan mielies somaar hier om ons gaan wees nie. Ons behoort klompe te bêre." (bl. 198) en later „Sorg eers vir jouself, vir jou mense, jou volk, jou diere en dan eers vir die mark. Die mark is

bysaak. 'n Mens moet probeer om onafhanklik te word van die mark." (bl.244)

Myns insiens is Dawid Booysen as 'n roman nie so geslaag as En Ek Is Nog Hy nie. Nie slegs is die idee wat uitgebeeld word minder betekenisvol nie, maar van Melle slaag nie daarin om volkome die idee in die persoon van sy hoofkarakter te objektiveer nie.

In sy jongste boek, Denker kom Kyk, toon van Melle weereens dat die hoofdoel met sy skrywe die uitbeeld van 'n etiese gedagte is. In hierdie werk is wat skaars 'n roman genoem kan word, maar ook nie kortverhale is nie, gaan van Melle met 'n vriend op 'n droomreis waar hy dan verskillende mense wat allerlei euwels sowel as oordrewe deugde voorstel, ontmoet. Ons word geneem na die land van die Vrekke, die land van die Tronke, van die Vredemakers, die Eersugtiges ens. en die euwels daaraan verbonde, word aan ons geopenbaar. Van Melle moraliseer egter nie alleen nie, hy stel ook aanskoulik voor. Ons word getref deur sy absolute onpartydigheid. Hy sal nie veroordeel nie, want hy is self 'n mens en ken sy eie swakhede.

Wat ook al van Melle se gebreke as skrywer mag wees, voel ek dat boeke soos Dawid Booysen en En Ek Is Nog Hy gebore is uit sy simpatie met sy medemens, sy droefheid oor die euwels wat in die maatskappy bestaan en sy verlange na 'n beter mensdom.

HOOFSTUK 111.

VAN MELLE AS KORTVERHAALSKRYWER.

By die lees van die ag bundels kortverhale wat daar reeds van Van Melle verskyn het, Oom Daan en die Dood; Oom Freek le Grange se derde vrou; Vergesigte; Paaie wat wegraak; Venster aan die Straat; Mense gaan verby; Begeestering; Zuid Afrikaanse Schetsen, word 'n mens dadelik getref deur die groot verskeidenheid in soort sowel as verskil in gehalte van sy verhale. Alhoewel noukeurig afgebakende indelings in die studie van die letterkunde maar van min betekenis is, sal dit wel van nut wees om hier sekere rigtings in sy werk aan te dui.

In sy opstel oor van Melle in die bundel „Twee Wêrelde," maak H.A. Mulder melding van intrige- en karakter verhale en voeg dan 'n verdere soort by, naamlik die milieuverhaal.(1) Ek sou egter 'n ander indeling van die soort verhaal wat ons by van Melle aantref wou voorstel naamlik sy blote vertellings, sy stemmingsverhale, en sy bespiegelende verhale. Sy blote vertellings sou dan dié verhale wees waar hy oënskynlik niks meer as die storie self het om aan die leser mee te deel nie, sy stemmingsverhale waar die stemming hoofsaak is en hy nie veel aandag aan die storie wy nie, en sy bespiegelende verhale waar van Melle een of ander etiese beskouing wil uitbeeld.

Ons kry natuurlik dikwels 'n vermenging van hierdie drie rigtings in sy werk en in een verhaal kan al drie rigtings teenwoordig wees. Gewoonlik egter is een van die drie oorheersend en kan daar maklik vasgestel word of die verhaal as 'n blote vertelling, 'n stemmingsverhaal of slegs as wysgerige mymerings

(1) Twee Wêrelde. bl. 80.

beskou moet word.

Laat ons eers stilstaan by die verhale wat ons as blote vertellings bestempel. Ek dink aan verhale soos Lusdie, Pop, Mense wat maar eenmaal Liefhet, Oom Freek le Grange se derde Vrou, Van den Berge, Versoening en ander.

Ons kan tegniese gebreke van hierdie verhale vir die oomblik oor die hoof sien, en die aandag bepaal by die oortuigende en menslike tekening van verskillende aspekte van die lewe soos ons dit in die genoemde verhale vind. Die verhaal Van Den Berge is veral 'n mooi voorbeeld van aanskoulike uitbeelding van die plaaslewe en veral van die sukkelbestaan wat die bywoner moet voer.

„Met sy kaal wa, langs die trae span donkies, stap Van den Berge moedeloos voort. Sy anders opgeruimde, grys-gesnorde gesig is nou mismoedig van uitdrukking en sy gang is sonder veerkrag." (2) Want van den Berg kry maar swaar, sy plasie lewer min op, sy miellie-oes het misluk, en nou skryf die winkelier hom ook nog aan. Dag na dag is dit 'n gesukkel om maar net te keer dat sy grond nie onder hom uitverkoop word nie, veral nou dat sy dogter en skoonseun en hulle familie ook by hom in die tweekamerhuisie hulle intrek geneem het.. Hy sal maar nie kla nie, hy sal maar aanhou met sukkel en as hy nie 'n geluk tref op die diamantvelde nie, sal die aanstaande koringoes hulle moet deurhelp. Eindelik kom daar uitkoms, want die skoonseun gaan op die myne werk en met die geld wat hy daar verdien, help hy sy skoonvader om sy grond wat intussen verkoop is, terug te koop.

(2) Oom Freek le Grange se derde vrou. bl. 150.

Die omstandighede waaronder van den Berge en sy familie lewe, word oortuigend en realisties geskets, maar ons voel tog dat van den Berge self nie 'n indiwidu met 'n eie persoonlikheid word nie. Hy is 'n tipe. Hy is die arm man wat soos honderde ander op hulle klein plasies moet swoeg om kop bo water te hou. Maar hoe innig menslik is hy nie. Hoe swaarder die las van armoede druk, hoe suiwerder is die plesiertjies wat kleur aan sy anders so kleurlose lewe verleen om in die gras te lê en rus nadat hy heeldag op die oeslande besig was, om na 'n harde dag se arbeid met sy vrou en kinders in die kombuisie te vergader en te lag en te skerts terwyl die vroumense pannekoek aandra. Lank nadat ons vir van den Berge en sy familie vergeet het, sal daar by ons agterbly 'n meegevoel met en 'n dieper verstaan van die bywoner op ons plaas of op die plaas van ons buurman.

Die verhouding tussen 'n plaaseienaar en sy bywoner is 'n tema wat van Melle dikwels interesseer. Somtyds kom ons uit sy verhale agter dat hy nie tevrede is met die groot kloof wat hierdie twee van mekaar skei nie. Veral in die verhaal Versoening⁽⁶⁾ kom hy in opstand teen die gedagte dat die boer in so'n mate na willekeur oor die bestaan van sy bywoners kan beskik.

Paul Visagie is bywoner by Oom Ben Viljoen. Hy leef goed daar - hy voel dat hy hom daar sal kan opwerk - een van die jare koop hy nog self 'n stukkie grond. Dan word hy om politieke redes deur Oom Ben aangesê om van die plaas af weg te gaan.

„Hy sal weer moet trek, 'n man soek by wie hy kan woon. Geld en tyd verloor met trek en rondsoek.” (3) Sy planne om.

(3) Mense gaan verby. bl.110.

uiteindelik ekonomies selfstandig te word is onverwags die kop ingeslaan. Dit kom voor asof hy gedoem is om altyd 'n bywoner te bly. In sy hart ontvlam 'n wrok teen die man aan wie geld en besittings so 'n mag oor hom gegee het. Dit skyn asof van Melle hier kant kies, maar in werklikheid is dit nie so nie. Soos altyd bly hy die buitestaander, die objektiewe waarnemer. Hy gee die saak weer soos hy dit sien, maar laat dit aan die leser oor om 'n oordeel te vel. Oom Ben kry berou oor sy daad en bied weer vir Visagie 'n plek op sy plaas aan. Paul Visagie vergewe die onreg wat hom destyds aangedoen is, maar onwillekeurig kom die gedagte by ons op : Is die vergifnis van die bywoner genoegsame verskoning en regverdiging van ons sosiale stelsel wat aan die gewetenlose die geleentheid verskaf om die arm man uit te buit ?

Nog 'n geliefkoosde tema in sy verhale is die Liefdesverwikkelinge tussen die jongmense op die plase. Die jongkêrels wat Saterdagmiddae na die naburige plase oorry om in die aand te kan opsit met die dogter van die huis, wek al sy simpatie. En as daar 'n kinkel in die kabel van die jong liefde kom, nou ja, die jare wat voorlê sal wel die hartseer uitwis, en jongkêrels en jongnooiens is volop.

Hy beperk hom nie tot die plaasseuns en -dogters nie, maar in 'n viertal verhale - Klaas de Bruin soek na 'n formule, Ilene vergeet Klaas de Bruin, Klara van Blerk raak verlief, en Lig Daag, ontmoet ons 'n paar van Johannesburg se jongmense en ons deel ook in hulle liefdesvreug en liefdesleed. In hierdie verhale kry ons egter nie die oortuigende realistiese beskrywing wat ons aantref in die verhale oor die platteland nie. Die jongmense van Johannesburg is op soek na nuwe vergesigte, na die bevrediging van 'n vae hunkering wat hulle self nie kan

omskryf nie, - Ilene soek na visie, na 'n venster om uit te kyk die ruimte in; Klara voel 'n behoefte om die lewe wat so grys en eentonig is, met iets ^{van} "duursamer belang aan te vul. Tog voel ons dat van Melle nie daarin slaag om die algemeen menslike in hierdie jeugdige behoeftes van Klara en Klaas en hulle vriende oortuigend uit te beeld nie. Daar ontbreek iets lewewendigs in hierdie paar betreklik kleurlose verhale.

Dit was interessant om 'n aantal Seeuse verhale wat veral uit jeugherinnerings bestaan, te vergelyk met sy verhale wat eg Afrikaans is. Toe ek die verhale Vrou van de Plaatse, Drusse, 'n Ou Brief, Sare, Zule e.a. lees, is ek dadelik getref deur die groot verskil wat daar bestaan tussen hierdie en sy Afrikaanse verhale. Miskien is dit toe te skrywe daaraan dat hierdie verhale oor 'n totaal verskillende omgewing en fundamenteel verskillende mense handel. Hier ontmoet ons vir van Melle die jongeling wat in die aande rondswerf deur die ou stadjes met hul donker straatjies en skaduverhulde poorte. Ons word verplaas in die nat polderland van Suid-Vlaandere - 'n stil streek waar die mense in klein dorpies saamwoon en die lang wintermaande om die kaggels deurbring. In sy woorde word die bewolktheid van die Hollandse lugte weerspieël.

Hy skrywe in hoofsaak oor dieselfde soort mense as die wat ons leer ken het in sy Afrikaanse verhale - die Seeuse boere-families, die arm mense in die dorpies, Zule die praatsieke vrou van Ter Goes, Sare die kroegmeisie van de Goe, Vrou van de Plaatse wat solank tevergeefs op die terugkeer van haar man gewag het. Tog is daar iets in hierdie verhale wat hulle totaal verskillend maak van die Afrikaanse vertellings. Die verteltrant is lewendiger en frisser, daar is hier meer spanning en meer direktheid van medeling.

In sy Afrikaanse werk is dit asof die vaalheid van die Afrikaanse vlaktes en die stowwerigheid van die wapaad wat voor hom uitkronkel, in sy verhale gesluip het. Selfs sy styl en manier van vertel het verander, sy lewensbeskouing, sy keuse van onderwerp. Stadigaan het die uitgestrekte vertes en die eensame platdak-bywonershuisies en die ou boer met die pyp in sy mond totaal die Hollander in van Melle vergring, sodat hy in hart en siel, en ook in sy werk, Afrikaner geword het. Ek voel dat daar veel bygekom het in van Melle as skrywer, maar ook dat daar 'n onbeskryfbare iets in sy verhale verlore gegaan het.

Ons het nou in breë trekke gesien oor watter onderwerpe en temas van Melle graag skrywe. Om die studie volledig te maak moet ons nagaan in hoeverre sy verhale as geslaagde kortverhale beskou kan word. Ons sal kortliks moet let op die bou van sy verhale, die oorspronklikheid in tema en uitbeelding, sy karaktertekening, sowel as daardie innerlike eenheid wat een van die hoofvereistes van 'n kortverhaal is.

Wat die bou betref, is die eerste vereiste van 'n kortverhaal beknoptheid. Sonder om een enkele woord te verkwis, moet die skrywer meedeel wat hy te sê het. Reeds in die eksposisie moet die leser agterkom waaroor die verhaal handel, en vandaar moet sonder oonthoud voortgegaan word met die handeling, die milieuskildering, die karaktertekening om so-doende die sentrale gedagte uit te bou en tot sy hoogtepunt te bring. Hierna kan die verhaal gewoonlik sonder meer afgesluit word.

Die vertellings van van Melle voldoen nie aan hierdie vereiste van beknoptheid nie. Soos M.S.B. Kritzinger dit in Ons Eie Boek uitdruk, is van Melle „tegnies onbeholpe.”(4)

(4) Ons Eie Boek. Jaargang X.No.1.B1.20.

Daar is geen poging tot konsentrasie in sy verhale nie. Hulle is los van bou en wyduiteenlopend. Dit kos gewoonlik 'n hele aantal bladsye aan beskrywings en bygehaalde insidentjies voordat ons werklik agterkom waarom die verhaal handel. Selfs wanneer die hoofmotief reeds goed op stryk is, word daar nog onnodige karakters en voorvalle wat met die ontwikkeling van die hoofidee niks te doen het nie, ingevoeg. Hierdeur vertraag die skrywer nie alleen die ontwikkeling nie, maar verbreek hy ook alle gevoel van samehorigheid en eenheid in die verhaal. Dit is bykans onmoontlik vir die skrywer om dan nog die spanning sowel as die belangstelling van sy leser te behou.

Sommige van die verhale word in so'n mate uitgebrei dat hulle nie meer as kortverhale beskou kan word nie, maar eerder as novelles. Ek dink hier veral aan Pop wat 82 bladsye en Mense wat maar eenmaal liefhet wat 80 bladsye beslaan.

Dit was interessant om in die ou bundeltjie verhale, Zuid-Afrikaanse Schetsen, 'n paar verhale wat later verwerk is tot langer en vollediger novelles, in hulle oorspronklike vorm teë te kom. Die kort skets Wedergenomen, gee ons in vier bladsye die wesenlike verhaal wat later in die bundel Begeestering onder die titel Wraak, 52 bladsye beslaan. En Wedergenomen beskou ek meer geslaag as 'n kortverhaal as die lywige Wraak. Deur te veel los karakters en insidente by die oorspronklike tema by te voeg, het van Melle hier die fout begaan om die oorspronklike tema te oorskadu deur bykomstighede. Wedergenomen is pittiger en dus meer effektief - hy stuur direk op die punt af, behou sy eenheid van gedagte en uitbeelding, en bereik hierdeur die gewenste effek. Ek haal die slotparagraaf van Wedergenomen aan :

„ „Lang mikte hy, toen trok hy af.

Dalport sloeg zyn armen hoog op en viel.

Enige oomblikken bleef Oom Barend so geknield en roerloos.

Toen stond hy op." (5)

Vergelyk hiermee dieselfde toneel in die verhaal Wraak.

„Hy gaan na die muur en neem die geweer. Hy kniel by die venster en vat korrel. Sy bewegings is nou haastig, byna woos. Die skoot val.

Hy staan op en hang die geweer weer op sy plek. 'n Paar oomblikke staan hy weer stil asof hy dink. Hy praat half-luid: Is alles nou reg? Ja, nou is alles reg. Hy gaan uit en dadelik daarna kom Susarie binne. Sy is verwonderd toe sy sien dat daar niemand in die kamer is nie. Sy kyk na die geweer. Tant Sannie kom verskrik binne, doodsbleek en bewend. Sy kyk ook na die geweer en praat met 'n toon van verligting in haar stem: O wie het geskiet? Weet jy? vra sy vir Susarie." (6)

En hierna gaan hy voort om meer as 9 bladsye te wy aan die beskrywing van die maniere waarop Oom Barend se familie op sy daad reageer, 'n uitvoerige bespreking van die motiewe wat hom daartoe gedryf het om sy bywoner dood te skiet (alhoewel die leser dit al lank agtergekom het), en Oom Jannie word selfs in die slottoneel bygehaal om 'n sielkundige uitleg van die werking in die menslike onderbewysyn aan sy seuntjie te gee.

Ons voel dadelik dat die beknopte vorm meer effektief en veelseggend is. In die konsentrasie van die eerste verhaal lê sy sterkte. Die skrywer suggereer net en laat 'n groot gedeelte oor aan die verbeelding van sy leser.

(5) Zuid Afrikaanse Schetsen bl. 18.

(6) Begeestering bl. 43

Op dieselfde manier vergelyk die 5 bladsye wat die verhaal Pop's Huwelik in Z.A. Schetsen beslaan, baie gunstig met die lywige Pop van 82 bladsye in die bundel Paaie wat wegraak. In die eersgenoemde skets het van Melle hom ten doel gestel om die lewensomstandighede van Sagrys le Roux en sy familie vir ons te teken. Ons voel saam met hulle die neerdrukkende, nypende kommer van armoede. Pop, die dogter, kry 'n huweliks-aanbod van 'n ryk wewenaar. Sy neem die aanbod aan, deels omdat sy self terugdeins vir die armoede wat haar te beurt sal val indien sy met een van die bywonerseuns trou, deels omdat haar ouers ook voordeel sal trek uit die voorgenome huwelik. In die slottoneel sien ons hoedat Pop haar kop op haar arms laat rus en hartstogtelik huil oor al die geluk en liefde wat sy op hierdie manier vir haarself ontsê het.

Van Melle slaag m.i. daarin om in hierdie kort sketsie net soveel te sê as wat hy in die later uitgebreide verwerking daarvan aan die leser meedeel. In die verhaal kom daar in die eerste plek baie meer karakters voor. Ons maak kennis met Manie Cronje, die arm seun op wie Pop werklik verlief is. Haar liefde vir Manie versterk die motief van armoede plus liefde wat moet opweeg teen 'n liefdelose maar finansiële voordeliger huwelik met Oom Jan. Ek sou nog toegee dat die invoeging van Manie bydra om die verhaal verder te motiveer, maar persone soos Oom Faan, Tant Fya, Hendrik, Harry, Manie se Pa, Ma en suster is nie onontbeerlik nie en dien alleen om die verhaal lomp en onsamehangend te maak. Bykomstige toneeltjies wat ingevoeg is, soos die rit in Oom Jan se nuwe motorkar, die uitvoerige beskrywing van die bruilof, Manie se bruilofstoespraak e.a. kan sonder om enige afbreuk aan die verhaal te doen, weggelaat word.

Nie alleen op hierdie verhaal nie, maar ook op baie ander is van toepassing S.P.E. Boshoff se woorde : „Sy verhale bly fragmentaries van komposisie, d.w.s. allerlei gebeurtenisse, situasies en persone word geteken en tot 'n verhaal saamgevoeg, maar dit ontbreek hierdie verhale aan innerlike en noodsaaklike eenheid en gevolglik ook aan spanning." (7)

In verhale waar van Melle wel getrou bly aan die noodsaaklike eenheid van gedagte, karakter en handeling merk ons onmiddellik die verskil in die gehalte van sy werk. Ek dink hier aan daardie mooi verhaal Oom Karel neem sy geweer saam, wat ongetwyfeld onder sy bestes gereken moet word. Oom Karel is die ou stryder wat voel dat sy einde naderkom, maar hom nie kan versoen met die gedagte dat hy sy geweer moet agterlaat as hy eendag kom te sterwe nie.

„Hoe sal hy in die hemel voel sonder 'n geweer? Daar moet tog ook nog iets te vegte wees, daarvanderkant? Die duiwel is tog nog nie dood nie?" (8)

Alleen met sy kaffertjie gaan hy 'n laaste keer na die Bosveld. In die ou, geliefde omgewing kom hy eindelijk tot berusting.

„Die Here sal mense soos hy nog kan gebruik; daar sal, solank die algehele stryd teen Satan en sy magte nog nie uitgeveg is nie, nog kans wees vir siele soos hy om te gaan jag en om op kommando te gaan." (9) Daar is iets baie teer in die voorstelling van Oom Karel, iets algemeenmenslik wat ons roer. Hierdie verhaal is vry van onnodige karakters en insidente wat afbreuk sou doen aan die stemming en die strekking.

(7) Ons Eie Boek. Jaargang VIII. No. 1. bl. 15.

(8) Oom Daan en die Dood.bl. 155.

(9) Oom Daan en die Dood.bl. 156.

Veral geslaag is nog 'n ander verhaal van van Melle wat tot nog toe slegs in die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring van 1943 verskyn het, t.w. Sy Pa se kind. Alles word toegespits op die uitbeelding van die een gedagte - die vader se dapperheid waar hy sy lewe waag om 'n ander te red, en die moeder se trots as sy haar wrewel omdat sy alleen gelaat is, vergeet, en die wens uitspreek dat haar pasgebore baba sal opgroei om 'n waardige kind van sy Pa te wees. In hierdie verhale slaag van Melle daarin om die vereiste innerlike eenheid te bewaar.

Deur van Melle se kortverhale beweeg 'n tallose klomp mense. Daar is egter nie veel verskeidenheid onder hierdie mense te vind nie. Daar is sekere vaste tipes oor wie hy skrywe en die verteenwoordigers van hierdie tipes verskil nie veel van mekaar nie. Hy skryf dikwels oor jongmense, maar hy slaag nie daarin om hulle as afsonderlike individue, met hulle eie karaktertrekke en eienaardighede, hulle eie tekortkominge en liefvallighede, aan ons te openbaar nie. Freek kon net sowel Flip of Manie of Gert of Jaap gewees het, dit sou nie veel verskil maak nie. So ook is Willie en Marya en Pop en Lusie en al die ander meisies maar te dikwels nie in staat om hulle eie individualiteit teenoor dié van hulle suster-skeppinge te handhaaf nie.

Die ou Ooms in van Melle se verhale is deurgaans vervaardig uit dieselfde stoffasie. Hulle lyk eenders, hulle praat eenders en somtyds kan ons uit die staanspoor vasstel hoedat hulle in sekere situasies gaan reageer - bloot op grond van vorige kennismaking met soortgelyke ou Ooms. Dit gee 'n sekere eentonigheid aan sy werk, 'n kleurloosheid wat ons nie in sy Seeuse verhale aantref nie. Juis omdat hierdie karakters altyd in dieselfde rigting dink, altoos volgens dieselfde

voorskrifte handel, is ons daarop geregtig om te vermoed dat van Melle sy voorstelling van hierdie mense nie suiwer genoeg kan objektiveer nie, en geneig is om hulle te laat optree soos hyself onder soortgelyke omstandighede sou optree.

Van Melle skenk nie baie aandag aan karakterontleding nie. Hy motiveer nie die handelwyse van sy mense nie. Dit is miskien die rede waarom soveel van sy spanningsmomente kleurloos is. Die leser kan nie in sien waarom 'n karakter op 'n sekere manier reageer as hy voor een of ander krisis te staan kom nie, bloot omdat hy as leser, nie daarop voorberei is nie. Die skrywer het nie stap vir stap, soos die verhaal gegroei het, deur klein dink- en doengewoontetjies van die persoon te beskrywe, vir die leser aangedui met watter soort mens hy hier te doen het nie. Soms vind ons selfs dat sy karaktertekening inkonsekwent is.

Laat ons die verhaal Lusie as voorbeeld neem. In die eerste paar paragrawe word sy as fier en trots en eiesinnig voorgestel - sy is onafhanklik en sal haar eie kop volg. As haar Ma egter vir haar sonder enige grondige rede belet om langer met Jaap, die seun wat sy liefhet, om te gaan, handel sy volkome teenstrydig met die eerste indruk wat ons van haar gekry het.

„Ja Ma, sê Lusie beleef.

Sy het bleek geword en trane kom in haar oë. Stil sit sy, haar oë neergeslaan.

Moet ek dan maar vir hom skryf dat hy nie moet kom nie, Ma ?" (10)

Soos soveel van haar susters bly Lusie kleurloos en haar handelwyse kom as pap en oortuigend voor. Daar is hier niks tragies of onvermydeliks oor die veronderstelde mislukking van

haar liefde en die liefde van Marya en Flip, of Freek en Willie nie, juis omdat ons voel dat daar geen groot emosies op die spel was nie. Die jongmense verwek nie ons simpatie nie, omdat hulle self futloos is, en geen poging hoegenaamd aanwend om misverstande te verwyder nie. Ons raak eerder ongeduldig as gestem tot meegevoel.

In sy verhale is daar dus nie dikwels geslaagde uitbeelding van emosionele spanning en innerlike stryd nie. Waaraan sou dit te wyte wees? M.i. kan dit toegeskrywe word aan die feit dat van Melle altyd die objektiewe waarnemer bly. In die verhale leef hy hom nie in die diepste emosies van die jong mense in nie, hy lei maar af van sy waarneming van hulle handelwyse, hulle woorde, gebare en gesigsuitdrukking hoe hulle oor die sake voel. Hier is sy karaktertekening impressionisties. Hy skenk nie aandag aan die ontleding van motiewe nie.

As ons een van van Melle se landelike liefdesverhale vergelyk met Laat Vrugte van C.M. van den Heever, wat 'n soortgelyke tema behandel, tref die verskil ons dadelik. By van den Heever is daar meer spanning juis omdat hy die handelwyse van sy karakters baie sterk motiveer en baie aandag wy aan die sielkundige ontleding van sy karakters. Hierdeur verleen hy oortuiging aan hulle optrede. Hulle leef en dink en voel soos mense met eie opvattinge en 'n eie innerlike emosionele lewe. As Oom Sybrand in 'n bui van magtelose woede vir Henning van die plaas af wegja, dan is sy optrede oortuigend, want ons het deurgaans gesien hoe die vader se verset teen die ontluikende onafhanklikheid van sy seun, groei. Ons het verwag dat daar 'n breekpunt moet kom. So is ook Henning, Tant Betta en Johanna se handelwyse in elke situasie gemotiveer en strook dit met die voorstelling van hulle karakters soos ons vir hulle

deur die boek leer ken het.

Ons lees van Hallstrom, die bekende Noorse skrywer, dat hy hom as ideaal gestel het - „to give that inner spiritual experience that lies behind the words and actions of men." (11) In die verhale van van Melle wat ons as blote vertellings bestempel het, vind ons nie daardie deurdringende karakterontleding wat ten gevolg sou hê dat die „inner spiritual experience" van die karakters aan ons blootgestel word nie. Hulle kom op die toneel, sê wat hulle te sê het, handel soos dit vir hulle voorgeskryf is om te handel, en verdwyn weer sonder dat ons enige dieper insig in hulle as persone verkry het.

Juis omdat karaktertekening een van die dinge is waarin van Melle tekortskiet, moet hy staatmaak op sy intrige om die belangstelling van die leser te wek en dwarsdeur die loop van die verhaal te behou. Oorspronklikheid is hier 'n absolute noodsaaklikheid, maar ons vind dat van Melle hierin tekortskiet - hy is geneig om herhaaldelik van dieselfde tema gebruik te maak.

Nie alleen herhaal hy sy temas nie, maar die konstruksie van sy verhale varieer in die verhale Pop, Mense wat maar eenmaal liefhet, Oom Freek le Grange se Derde Vrou, en ander, maar min.

Ons kan amper praat van 'n sekere formule wat hy gebruik as hy een van hierdie lang liefdesidilles wil skrywe. Die ou Oom sit op die stoep en hy geniet die welverdiende rus wat alleen 'n Saterdagmiddag kan bring. Sy rus word verstoort deur jong seuns wat te perd of op fietse aangery kom om vir sy dogter te kom kuier. Die seun aan wie sy dogter die voorkeur gee, is gewoonlik nie die een wat hy vir haar sou kies nie, maar omdat hy 'n verstandige ouer is, sal hy nie vir haar dwing om die seun van sy keuse te neem nie.

(11) Short Stories Hallstrom. Introduction by H.T.Fielden.bl.17.

Aan een of ander buurman wat juis op die regte moment opdaag, word die voor- en nadele verbonde aan die huwelik met een of ander seun uiteengesit. Na die ete sit die dogter met Freek of Flip of Manie, of wie ook al, op. Maar die rustige gang van hulle jong liefde word nie toegelaat om onverstoord te verloop nie, en een of ander misverstand of moeilikheid ontstaan. Hierna kom die verwydering - die mooi trou 'n ryker of eerbaarder man, of een „wat van die natuur is, wat graag troos, wat graag by so'n meisie die neerslagtigheid wil wegneem, die volle blyheid weer wil opwek." (12) Soms word die moeilikheid uit die weg geruim, deurdad 'n welwillende Oom aan die arm seun 'n plaas gee, maar gewoonlik is dit eers na die verloop van baie jare dat die ou liefde wat intussen nooit verroes het nie, tot sy volle regte ontplooi.

Tewel herhaling van hierdie tema bring mee dat selfs die oorspronklike in waarde afneem. Nadat hy uit die eerste paar bladsye agtergekom het waarom die verhaal handel, getroos die leser hom nie die moeite om verder te lees nie, want hy kan self in sy verbeelding die verhaal voltooi.

Tot nog toe het ek net aandag gegee aan die verhale wat grotendeels tekortskiet aan die vereistes van 'n goeie kortverhaal. Veral in sy later werk verskyn 'n paar verhale wat hefter van bou, meer afgerond in uitbeelding en oor die algemeen meer geslaag is as kortverhale. Ek dink aan 'n verhaal soos Ivonne, uit die bundel Venster aan die Straat. As ons dit bloot volgens vorm beoordeel, is dit een van sy mees geslaagde kortverhale. Die uiteensetting is doeltreffend en saaklik. Org, die jong musikant, en Ivonne die skilderes word dadelik aan ons bekendgestel en spanning word geskep deur aanduidings dat

(12) Vergesigte. Uit die verhaal Mense wat maar eenmaal liefhet. bl. 52.

dit onvanpas sou wees as hulle twee op mekaar verlief raak.

'n Derde karakter, Joyce, word nou na vore gebring, en Ivonne gee te kenne dat sy graag wil hê dat Joyce en Org mekaar moet leer ken. As Ivonne op die punt staan om na Europa te vertrek vir verdere studie, kom ons agter dat dit die verskil in hulle ouderdomme is wat liefde tussen Org en Ivonne ongewens maak. Twee jaar later as Ivonne terugkeer, het sy tot nuwe insig gekom, en is sy bereid om haar liefde aan Org te verklaar. Joyce en Org het intussen verloof geraak, en nou besef sy dat sy haar kans op geluk onherroeplik laat verbygaan het. Die ontknoping is bevredigend, die hoofidee word saaklik en kernagtig sonder die gewone ompaaie aan ons meegedeel.

Hierdie verhaal toon ons dat van Melle wel in staat is tot groter selfbeheersing in sy keuse van woorde en insidente as wat gewoonlik die geval is. Ander verhale wat ook as kortverhale hegter van bou en geslotener van grondgedagte is, is Dina, en Die Ondankbare uit die bundel Paaie wat wegraak, en Begeestering uit die bundel van dieselfde naam.

Oor die algemeen kan ons sê dat van Melle se vertellings veel te wense oorlaat as ons hulle beoordeel volgens die gewone vereistes van 'n kortverhaal. Sy karaktertekening is onoortuigend, sy keuse van onderwerp en motief besonder beperk, sy verhale toon gebrek aan eenheid en is onsamehangend, daar is min spanning, en te veel aandag en ruimte word bestee aan onnodige beskrywings van onnodige persone en voorvalle. Nogtans besit hulle die groot aanbeveling van suiwerheid en egtheid want soos ons gesien het, ken van Melle die mense oor wie hy skrywe; hy ken hulle lewensomstandighede; sy beskouing sowel as sy uitbeelding is waar en ook simpatied. Ons hoef maar net te dink aan verhale soos Oom Karel neem sy geweer saam, Weer by die

Huis, Troos, en ander, om tot die gevolgtrekking te kom dat sommige van sy verhale ongetwyfeld op 'n hoër peil staan as baie van die verhale van ander skrywers wat, in soverre dit die vorm betref, aan die vereistes van die kortverhaal voldoen, maar die lewendige eienskappe van suiwerheid en egtheid kortkom.

Die tweede soort verhaal wat ons by van Melle aantref, is sy stemmingsverhale. Hier is dit waar ons vir van Melle as 'n ware kunstenaar leer ken. Intrige en karakterbeelding is van minder belang; hoofsaak is hier die atmosfeer of stemming. Dit verg 'n baie fyn keurvermoë van die skrywer om atmosfeer te skep. Elke woord en sin is soos die kwasstrepe in 'n skildery - dit kan onmoontlik ongemerk verbyglip - dit sal die stemming óf verhoog óf dit breek. Deur middel van sy versigtig uitge-soekte woorde en beelde, en deur die assosiasies wat hulle by die leser opwek, bou die skrywer sy atmosfeer op. Die leser word ingelei in die gemoedstoestand van die persoon oor wie daar geskrywe word, totdat hy later die mure van die kamer waarin daardie persoon verkeer om hom ook voel, en die opwelling van sy emosie by hom ook ontstaan.

Stemmingskuns is uiters subjektiewe kuns. Die skrywer moet self eers ervaar voordat hy kan skrywe. Die beste voorbeelde van plastiese stemmingskuns wat ons by van Melle aantref, het dan ook te doen met onderwerpe wat hom baie na aan die hart lê. Ek dink in die eerste plek aan sy Bosveldsketse, en veral aan die skets Tambotilaagte uit die bundel Zuid-Afrikaanse Schetse.

„Ja, het bosveld is heel mooi des winters.

En alle dag schijnt weer de zon. En de wind waait niet, het is stil, geen geluiden spreken, ook de vogela zwijgen. En

de blaren vallen niet, blijven aan de bomen die de hele winter als innige kleurige mijmeringen staan in de blauwe dagen.

De dieren doen zo rustig. De bokken liggen lange tijden in het gras, staan dan op om te grazen en te eten de blaren van hun liefste bomen. Ze zoeken de waterrijken knollen, die woe-
len ze uit de grond en eten ze tot lessing van hun dorst om niet te hoeven lopen het verre eind naar de rivier." (bl.39)

'n Seun neem sy geweer en stap die veld in. Hy skiet in bok in die tambotielaaagte en keer dan weer terug na die kamp. Dis nou reeds skemer -

„De rondstaande bomen naderden, ze sloten dichter aaneen, de kring waarin men zag werd nauwer; de verten werden grijs, werden zwart." (bl. 43)

Weliswaar 'n eenvoudige verhaaltjie - maar hoe slaag van Melle nie daarin om 'n onuitwisbare beeld van die Bosveld, van sy grootsheid, sy stilte en waardigheid by die leser agter te laat nie !

Ons leer van Melle uit hierdie stemmingsverhale ken as die swerwer, die jagter, die romantikus wat drome droom van 'n sondeurweekte, onontdekte landstreek waar dit stil is en die troepe koedoes bedaard in die lang gras wei. Luister na 'n paar sinne uit Een Nieuw Land, ook uit die bundel Zuid-Afrikaanse Schetsen:

„Temidden van de woudenzee die een groot gedeelte van Oost-Zuidafrika bedekt, ligt als een groot zonnig eiland een boomlose hoogvlakte

't Was alles ruim en licht.

-Eensaam lagen de velden onder de hete, trillende lucht. De koedoes vleidden sic sich neder.

Als een ruime feestzaal lag het land, wachtende op de genoden." (bl.63)

'n Vader en sy twee seuns is op jag in 'n streek waar hulle nog nooit tevore was nie. Die ruwe natuur bekoor hulle. Hulle voel afgeslote van die res van die wêreld. Hier wil hulle kom bly. Plasties teken van Melle die toneeltjies om die kampvuur waar elkeen met sy eie gedagtes besig is. Die vader beraam planne om hierheen te trek met sy familie en vriende en 'n Boeregemeenskap hier te kom stig - hier waar hulle sal kan leef soos in die ou dae van die Republiek. Die seun droom die teer drome van die jeug - van 'n tentjie in die bos en 'n meisie wat laggende oë vir hom by die tentjie inwag ...

Die verhaal self is van min betekenis, maar helder en suiwer en meeslepend is die stemming.

Seker die mees afdoende bewys van die Afrikanerskap van van Melle vind ons in sy sketse oor die Rebelle. Hy vertel van die moedeloosheid van die rebelle wat in die gevangenis sit en weet dat hulle saak verlore en al hulle opofferings verniet is. Ons voel hoe die mure van die tronk om hierdie manne wat op die oop vlaktes grootgeword het, knel; ook ons word tot 'n breekpunt gevoer as die bejaarde oom Jan sy arm teen die hemel wil oplig om 'n vervloeking uit te spreek oor die Engelsman wat hom nie wil aanhoor nie en hom in hierdie enge sel laat opsluit het. (Iets soos 'n Bestiering.)

Ons vind 'n baie plastiese toneeltjie in die skets In die Tronk. Die tronkbewaarder het deurgestap en die swaar ysterdeur vir 'n oomblik laat oopstaan. Die manne, tam van maandelank se leeglê, suf van die klein binneplaas waarin hulle reeds so lank saamgehoek is, sien deur die deur 'n klein stukkie

grondwal met groen gras en in die middel 'n blom, 'n geel, slanke veldblom.

„ Die manne kyk. Die maande dat hulle laas gras gesien het, hierdie manne van wie die meeste hul lewe deurgebring het op die eindelose vlaktes wat is soos die see, so wyd, so eenzaam, so stil

Hulle staan daar byna spraakloos. Met 'n enkel een sê iets, en toe word almal stil. Fanie hang op die man wat voor hom staan, en hy staar met sy vakerige oë na die plek groen gras asof dit hom verbyster. En so staan hulle almal. Hulle kyk na die kol gras en die geel, slanke blom, en hulle sien daardeur heen, sien al die dinge wat hulle probeer om van hulle af weg te hou, die dinge waarna hul harte so verlang." (13,

Die bewaarder kom terug en die deur word weer gesluit. Herwaarden prakseer nou nie meer grappe nie. „want sy verlange het deurgebreek soos water deur 'n damwal. Sy vuig lê oor die tafel uitgestrek en grimmige voue van magtelose woede lê om sy mond." (14)

Dit is nie nodig om veel te skrywe oor die stemmingsverhale nie, want hulle spreek vir hulleself, maar ek sou graag die vraag wil stel : Waaraan kan die geslaagdheid van hierdie stemmingsbeelde toegeskryf word ? As antwoord hierop stel ek die vereiste van ware gevoel by die skrywer. Slegs as hy self deurdrenk is van die stemming kan hy deur sy woord daardie stemming oordra aan sy leser. Hiervan kan die skets Stille Ogenblikke tot illustrasie dien. Klaarblyklik is die man wat op die stoep sit en in die koelte van die skemer sy gedagtes ver weg laat dwaal, van Melle self. Die stemming is persoonlik

(13) Oom Daan en die Dood bl. 47.

(14) Oom Daan en die Dood bl. 48.

deurleef en daarom kan dit met egtheid en waarheid oorgedra word aan die leser.

„Daarbuiten was het lichter dan in de kamer en terwyl hy zo zat was het of hoog-opstaand lichtgroen-blauw zijn modie halflichte kamer afsloot van alles daar buiten. Daarbuiten was nog veel, daar was de stad, daar waren de bomen op de weg daar was het water van de rivier, en mensen die voorbijgingen, maar dat wou hij nu alles niet weten, hij wou nu alleen zijn, alleen met zijn kamer." (15)

Van Melle besit 'n baie fyn waarnemingsvermoë en soos ons in die aangehaalde gedeeltes gesien het, dra die fyn besonderhede wat ons aantref in sy beskrywings veel by tot die opbou van sy stemming. Dit is interessant om sy natuurbeskrywings met die van C.M. van den Heever te vergelyk. Van Melle vind byna nooit in die natuur 'n parallel met die gemoedstoestand van sy mense nie. Die natuur gaan sy gang, sy eie onvermydelike afsydige gang, en op die voorgrond beweeg die klein mensies. By van den Heever egter word die emosies van sy mense weerspieël in die gang van die natuur. Hy teken opsetlik 'n parallel. Saam met die volgroeiing van die somer en die ryping van die oes op die graanvelde kom die ryping van Linda tot vrou. As die oeste afgemaai is en die graanstoppels verdroog op die lande, dan moet Wynand weer voort, en dan snik sy haar leed uit aan die voet van die akkerboom - want alles wat haar hart aanhang, moet verbygaan en ook haar liefde vir Wynand is gedoem tot hierdie verganklikheid. (16) Natuurbeelding van hierdie aard kry ons nooit by van Melle nie. Die natuur vorm wel die agtergrond

(15) Zuid Afrikaanse Schetsen bl. 189.

(16) Somer - van den Heever.

van sy verhale, maar sy natuurbeskrywing bly nugter en presies, en word nooit soos Mulder dit uitdruk, verwring om aan te pas by die gemoedstoestand van sy mense nie. „ sodoende skep hy 'n wonderlike effek deur die teenstelling van nugtere werklikheid en hewige sielsbeweging." (17)

Dit het my opgeval hoe dikwels van Melle van beeldspraak gebruik maak in sy stemmingsverhale. Gewoonlik is voorbeelde van beeldspraak maar yl versprei oor die bladsye van sy verhale; ek het o.a. in die verhaal Pop (88 bladsye) slegs 3 of 4 vergelykings aangetref, in Mense wat maar eenmaal liefhet (80 bladsye) slegs 10, in Oom Freek le Grange se derde vrou (41 bladsye) 5, en in Lusie (32 bladsye) slegs 3. Hiermee vergelyk die 16 vergelykings wat van Melle byv. in die stemmingsverhaal Kom nou ! (7 bladsye) tref, baie gunstig.

Daar moet 'n rede wees vir die veelvuldige gebruik van beeldspraak in die stemmingsverhale. Dit kom my voor asof van Melle besef dat waar hy poog om 'n stemming weer te gee, hy meer as bloot fotografies te werk moet gaah. Gevoel speel ook 'n rol, en beelde met hulle sterk emosionele assosiatiewe krag, dra baie daartoe by om die bepaalde gevoelstemming by die leser op te wek. Ons voel dadelik die emosionele krag van die beelde in 'n paragraaf soos die volgende uit die skets Kom nou !

„Een aand sit hy op die drumpel van sy buitekamer en lees. Die son was onder, maar daar was nog lig genoeg. Dit was 'n someraand en so stil dat die rook van sy sigaret om sy kop bly hang het, asof hy in sy kamer sit. Bome, gras, lande, alles was weelderig en vol soos 'n emmer melk. In die lug was 'n mengsel van geure wat jou bly maak, weldadig aandoen soos wyn.

Tussen die bome deur glans die hemel nog soos dowwe goud, soos bleek goud, soos blou perlemoen. Dit was 'n aand om langs 'n nooi te sit, om lief te hê, om innig en teer te wees. (18)

Myns insiens is die hoogste doel wat 'n skrywer kan nastrewe, dat hy uitstyg bô die besondere geval en besondere mense waaroor hy skrywe, en die gedagte wat hy uitbeeld algemeen-menslik van toepassing maak. Dit moet hy doen deur die aanskoulikheid van sy uitbeelding en die suiwerheid van sy gedagte en nie deur moralisering nie.

Alhoewel van Melle oor die algemeen nie hierin slaag nie en te dikwels geneig is om gebonde te bly aan die lokale voorvalletjie waaroor sy verhaal handel, vind ons enkele gevalle van hierdie breër uitbeelding onder sy stemmingsverhale.

Ek dink veral aan die skets Die Sif. Dis 'n eenvoudige verhaaltjie wat vertel word. Oom Jan sit soos gewoonlik op sy stoep en kyk na wat met die pad langs kom. Hy gewaar 'n trop gevange rebelle wat deur die regeringstroepe aangekeer word. Hy stap nader om te gaan gesels. Van die Oostekant kom 'n motor by die bult af en hou by hulle stil. 'n Offisier klim uit en bied aan dat die rebelle wat sal eken dat hulle deur hulle leiers verlei is, vrygestel sal word. Stadig verdeel die groep in twee klompies: Die wat hulle leiers verloën en die wat trou bly.

'n Eenvoudige verhaaltjie, maar tog besonder sterk in stemming en konsepsie - ek kan amper sê visionêr. Ons sien die verlate groepie mense op die vlakte, moeg, moedeloos, sat. Stadigaan word hulle uitgesig; - die wat getrou bly, bly agter

en die wat die toets nie kan deurstaan nie, kan gaan. Dis die sif wat die hele Afrikanervolk sif, en nie net ons volk nie, maar alle volke en alle mense ten alle tye.

In die kort skets Die Tuiskoms tref ons uitbeelding van dieselfde gehalte aan. Martinus kom tuis nadat hy drie maande met sy vee rond getrek het op soek na weiveld. Sy vrou loop hom tegemoet en sy skrik as sy sien hoe baie van die skape gevrek het. Sy groet hom met 'n soen en volg hom waar hy by die klein kombuisie instap. Sy leun teen sy skouers maar sy sê niks nie., „Lank sit hulle so, want die slag was hard. Maar aan hom dink sy die meeste, en aan die swaar wat hy deurgemaak het. 'n Sterk verlange kom in haar op om hom te troos, maar sy vind geen woorde nie en stil sit sy daar teen hom en liefkoos sy groot ruwe hand.

Breed is die groot teenspoed om hulle, en daarbinne, asof opgesluit benoud en alleen, hulle twee. So digby mekaar is hulle nou. Langsaam begin hy vra en vertel." (19)

Aan die slot van hierdie verhaal styg die gevoel uit bo die smart van hierdie twee mense - die smatt wat hulle so diep roer dat hulle nie woorde kan vind om te praat nie. Dit is nie meer net Martinus en sy vrou wat magteloos is onder die groot ramp wat hulle getref het nie. Die verhaal word sinnebeeldig van die magteloosheid van die mens teenoor teenspoed wat so dikwels, sonder enige toedoen van sy eie, onvermydelik op hom afstuur. Met oneindige liefde en teerheid van siening word hierdie toneeltjie geteken. Die woorde wat Dostoefski lê in die mond van die jong Rus wat neerbuig om die voete van die straatvrou te soen (20) is hier ook op van Melle van toepassing: Hy bring

(19) Oom Daan en die Dood. bl. 88.

(20) Crime and Punishment - Dostoefski. N
New York - The heritage Press. bl. 289.

hulde aan die lyding van die ganse mensdom.

Dit is in sketsies soos die genoemde twee waar van Melle voldoen aan een van die hoogste vereistes van die kuns - hy maak homself los van die individuele voorval en die individuele mens en die boodskap wat hy bring, is 'n boodskap vir alle mense en vir alle tye.

Die derde soort verhaal wat ons by van Melle aantref, is die bespiegelende verhaal. Van Melle is iemand met 'n akute belangstelling in alles wat om hom aangaan, maar daarby neem hy nie alles aan, bloot op die uiterlike voorkomste nie. Hy wil deurdring tot die werklike waarheid wat agter alle dinge verskuil lê. Hy is die denker wat probleme sien waar ander mense tevrede is om sonder teësprak aan te neem.

Om hierdie probleemgedagtes bou hy sy verhale. Hy skep persone om as spreekbuis vir sy gedagtes te dien, by voorkeur ou Ooms, of onderwysers of Dominees, wat reeds die jare van insig bereik het. Die probleme word behendig geklee in hierdie verhale en van Melle projekteer homself in die karakters wat as geskikte uitingsmiddels vir sy probleemgedagtes moet dien.

Deur aanskoulik uit te beeld en nie net te moraliseer nie, giet hy sy gedagtes in 'n vorm wat aanneemlik is vir sy leser en bereik hiermee veel meer as wat hy deur sedeprekery sou bereik het.

Die probleme waarmee hy hom besighou is velerlei, en is gewoonlik van lig-filosofiese aard.

In verhale soos Oom Daan en die Dood, 'n Poging, Oom Diederik Leer om te Huil, en ander, sien ons dat van Melle

diep onder die indruk verkeer van ons sosiale verpligtinge teenoor ons minderbevoorregte mede-Afrikaners. Elke Afrikaner is volgens hom verantwoordelik vir die geestelike en materiële welsyn van sy broer. In die drie genoemde verhale word die mense deur een of ander bonatuurlike verskynsel soos byvoorbeeld 'n droom, sterk onder die besef gebring dat hulle lewens in hierdie opsig tot nog toe ver tekortgeskiet het. Ons kan dit neem die ontwaking van hulle sosiale gewete. Oom Daan besef dat hy sy buurman 'n groot onreg aangedoen het, en voordat hy sterf, wil hy daarvoor vergoeding skenk. Oom Diederik leer op sy sterfbed die betekenis van die woorde „Jesus het geweene,” en hy verwyt homself dat hy nie die lyding van die mensdom vir hom meer aangetrek het nie. Van Blerk, die afgetrede onderwyser, wy sy laaste kragte aan sosiale werk onder uitgesakte Afrikaners in Johannesburg. Ons voel dat opheffingswerk van hierdie aard vir van Melle baie na aan die hart lê.

Dikwels peins van Melle oor die betekenis van vaderlandsliefde. Dit hinder hom dat hierdie begrip so dikwels uitgebuit en verdraai word. Hier ook moet die waarheid altyd as toetssteen behou word. Ons moet wat verkeerd was in ons volksverlede openlik erken, en dan voortbou op wat goed was. In hierdie verhale leer ons weereens vir van Melle ken as die opregte Afrikaner wat die belange van die Afrikanervolk op sy hart dra.

Treffend is die verhaal, Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers. Die suggestiewe vrae wat die ou Voortrekker aan Oom Gideon stel insake die landsbestuur laat hom verleë voel. Ons ook voel skaam om te erken hoeveel ons ongedaan gelaat het.

Baie mooi is die slottoneeltjie geteken waar Oom Gideon en die Kommandant-Generaal om die vuur sit en gesels:

„Ons Voortrekkers voel baie teleurgesteld,” vervolg die Kommandant-Generaal, „baie ontmoedig oor julle, want julle

huldig ons, julle maak vir ons standbeelde en rig vir ons monumente op, maar die pad van ons ideale loop julle nie."

"Ja Oom," sê Oom Gideon, "ek erken dit. Ons dink ons is honderd jaar van julle af, maar dit is baie, baie verder." (21)

Van Melle voel sterk oortuig daarvan dat dit ons plig as Afrikaners en Christene is om die Christelike beskawing oor die hele Afrika te dra. Van Melle gaan dus nie net afbrekend te werk nie, hy open vir ons nuwe vergesigte. Vergelyk die skets Pad van Afrika waar Pieter Vermeulen met die onderwyser van die plaasskooltjie gesels oor 'n gesamentlike ideaal wat ons as volk weer bymekaar sal bring.

"Vir Vermeulen is dit asof daar skielik 'n goddyn oopgetrek word as hy die pad sien, die pad wat deurloop, Krokodilrivier deur, tot ver na die Noorde, na die blou horisonne van Midde-Afrika, van Noord-Afrika, en hy sê: „Ons moet deurtrek, Meester."

„Tot waar?"

„Tot waar die Here ons stop." (22)

Van Melle is by uitstek 'n godsman. Sy lewenswandel en sy lewenswysheid is gebaseer op sy geloof en op die voorskrifte van Gods woord. Hy is daarvan oortuig dat ons as Christene groot verantwoordelikheid teenoor ons medemens dra. Uit sy godsdienstige opvatting vloei voort sy liefde vir die ganse mensdom.

As kortverhale beskou is hierdie bespiegelende sketse nie baie geslaagd nie, want klaarblyklik is die verhaal en die karakterbeelding ondergeskik aan die etiese gedagte. Omdat dit van Melle self is wat met ons praat, is hulle egter deureleef en deurvoel, en hulle getuig van egtheid en kinderlike

(21) Mensse gaan verby. bl. 193.

(22) Venster aan die straat. bl. 93

vroomheid.

.

Ons moet ongetwyfeld al drie hierdie soorte verhale in
aanmerking neem as ons vir van Melle as skrywer wil verstaan
en waardeer. Volgens my mening is die stemmingsverhale
egter die suiwerste voorbelde van geslaagde skryfkuns wat ons
by van Melle aantref.

HOOFSTUK 1V.

'N VERGELYKENDE STUDIE VAN VAN MELLE, DIRK MOSTERT EN J. LUB.

Ons het in die vorige hoofstuk gesien dat Van Melle dikwels sy verhaal gebruik bloot as die inkleding van een of ander gedagte of etiese beskouing. Ons word des te meer hiervan bewus as ons sy verhale vergelyk met die van 'n skrywer soos Dirk Mostert.

Van Melle en Mostert skryf dikwels oor dieselfde soort mense en maak van dieselfde motiewe gebruik. In die verhale van albei ontmoet ons boeremense wat swaarkry onder die langdurige droogtes, ooms wat onder mekaar verskil oor die politiek, jong kêrels wat kom vry na die mooi boeredogters en bywoners wat sukkel om 'n bestaan te maak op die onbarmhartige boer se grond.

Tog verskil die manier waarop Mostert gebruik maak van hierdie temas baie van dié van Van Melle. Mostert is baie meer gesteld op die intrige van die verhaal. Waar van Melle eerstens die lewensomstandighede van sy karakters wil weergee, skenk Mostert al sy aandag aan die kunstigvervaardigde knoop in die verhaal en die daaropvolgende oplossing. Altyd moet daar 'n oplossing wees, al is dit hoe onaanneemlik. Op die plaas van die arm boertjie word steenkool ontdek en dit stel hom in staat om die aanstaande skoonpa te help en sy dogter te kry (Konkelwerk) of 'n papiertjie val per ongeluk aan die voete van die heldin en op hierdie manier word die skurk ontmasker en die beeldskone meisie net betyds uit sy arms teruggeruk ('n Man met 'n Siel). Van Melle is minder gesteld op die intrige en baie van sy verhale wek weinig of gladnie spanning by die leser nie. Verrassende hoogtepunte wat dikwels die karakters sowel as

die lesers skok, tref ons selde of nooit by hom aan nie. Vergelyk die verhale Troos, Van den Berge, Dinge wat rus gee, Die Laaste skof en ander. Hy veronagsaam gewoonlik die gewone vereistes van 'n kortverhaal en is geneig om van sy verhale sketse te maak. Hy gee vir ons 'n kykie in die lewens van sy mense en trek dan weer die gordyn toe sonder om 'n oplossing vir hulle probleme aan te bied.

Omdat daar meer handeling is, is daar dus meer spanning in Mostert se verhale en sy verteltrant is vinniger en lewendiger. Hierdie vinnige ontwikkeling van die tema bring mee dat die karakters soms lewendiger voorkom as die persone in van Melle se verhale. Hierdie illusie duur egter net solank as wat die leser met die verhaal self besig is. Sodra sy verhaal tot 'n einde kom, en die probleem opgelos is, sak die karakters inmekaar soos poppe waarvan jy die stut weggeneem het. Dis veral in hierdie opsig dat van Melle soveel meer bereik as Mostert. Sy karakters dink stadiger, beweeg stadiger en leef egaliger - miskien te stadig en te egalig selfs wanneer hulle onder emosionele spanning verkeer - maar tog voel ons dat hulle werklike mense is wat érens op die Transvaalse velde in hulle platdakhuisies lewe en ly.

By Mostert kry ons hoegenaamd geen poging tot ontleding van karakters nie en sy karaktertekening mis diepte, mis menslikheid, en selfs mensekennis aan die kant van die skrywer. Sy menigvuldige Dolfs, Lenas, Alfonse en Hermiens is nie mense nie, maar bly slegs name wat sekere dinge doen en sê na willekeur van die skrywer.

Is dit dan ook nie waar van van Melle se karakters nie ? Ons het reeds aangetoon dat al sy ou ooms uit dieselfde stof-fasie vervaardig is, en dat Lusie en Marya slegs verskillende

brugbare standverskille wat gehandhaaf word, is onoortuigend omdat dit oneie aan ons volksaard is.

Dit is treffend dat van Melle, die uitlander, die gevoelens van die mense tydens die Hebellie baie suiwerder aangevoel het as Mostert. Dit kom voor asof Mostert nie verder as die uiterlike skyn van die gebeure van 1914 kon sien nie. Vergelyk die manier waarop die regeringsman soos 'n held in die huis van die rebel ontvang en verpleeg word en sonder meer die dogter op die koop toe kry (Louerkrans), met die wrange atmosfeer wat heers in die verhaal van van Melle in die verhaal Weer by die Huis. Klein Martines ry oor na die meisie wat sy nooit was voordat hy by die regeringstroepen aangesluit het, maar sy is rebelgesind en toon duidelik haar minagting oor sy optrede nou dat hy van die oorlog terugkeer. Druipstert moet hy wegry en sien hoe 'n ander kêrel by haar verwelkom word. Hierdie verhaal is meer bevredigend omdat die skrywer dieper in die harte van sy mense gesien het as die skrywer van die eerste verhaal.

Om op te som, kan ons sê dat die werk van van Melle suiwerder realisties, sielkundig juister en in weergawe oortuigender as die van Mostert is. Al voel ons dikwels onvoldaan as ons een van van Melle se verhale klaar gelees het, is daar altyd iets mooi en suiwer wat by ons agterbly, al is dit maar net die beeld van die bywoner en sy familie wat in die kombuis om die kringetjie kerslig hulle mieliepap en brood sit en eet. By Mostert is daar min wat by ons agtergelaat word omdat daar min is wat waar en eg is in sy verhale. Teenoor waarheid en egtheid is 'n vinnige, vlot verteltrant, 'n onderhoudende storie en 'n mate van humoristiese siening,

maar baie lig op die weegskaal.

Dit is interessant om die werk van Lub wat, ook 'n Hollander van geboorte is, met die van van Melle te vergelyk. By Lub sowel as by van Melle voel ons dat hulle werk geïnspireer is deur 'n groot liefde vir die arm mens. Hulle staan baie naby die mense van wie hulle skrywe en laat die mense self deur hulle spreek. Daarom is hulle werk oortuigend.

Albei is realiste. Verhale soos Donker Johannesburg (Lub) en 'n Man het opgestaan in Newtown (Van Melle) is voldoende bewys van hulle nugtere objektiwiteit. In hierdie verhale volg ons die skrywers deur die donker gangetjies van die Johannesburgse agterbuurtes; ons ontmoet sekere tipes - beroepsdiewe, dranksmokkelaars, jeugmisdadigers, kinders wie se geskiedenis „een lange lydingsgeskiedenis was, van hulle geboorte tot die huidige dag." Hierdie twee verhale toon die ooreenkoms maar ook die groot verskil tussen hierdie twee skrywers. Hulle skryf wel oor dieselfde onderwerp, en volg min of meer dieselfde objektiewe styl van medeling, maar daar is 'n diepgaande verskil wat mynsinsiens tegelykertyd vir hulle as persone en as skrywers tipeer en onderskei.

Lub is 'n groter realis. Hy verbloem niks nie. Tot in die funste grieselrige besonderheid beskryf hy wat hy in die Johannesburgse tronk sien daardie Saterdagand - kaffermeide wat met hulle suigeling aan die bors beskonke in die selle lê, jong seuns wat alreeds bekend is as geharde misdadigers, opiumrokers, prostitues. By van Melle tref ons nie die werklikheid in so'n grusame vorm aan nie. Hy sien liewers die minder estetiese nie raak nie. Dit is nie dat hy 'n wanvoorstelling van die werklikheid wil gee nie, dit is net dat hy nie uit sy

pad gaan om die afstootlike te beskrywe nie.

Laat ons die eerste paragraaf van die verhaal Armoede (Lub) as bewys hiervoor aanvoer :

„Bruingrijs staan de oude huisjes op rijen in 'n achterstraatje van Fordsburg. Vele vensterkozijnen met vuile ruiten. Daarachter iets wat gordijn heet, doch 'n lap is. Open deuren met vuile kinderen die zich nog vuiler maken in't opwarrelend stof. Op de kleine veranda's staan moeders met half opgeslagen voorschoten, elkander nieuwtjes te vertellen met luie gebaren en hoofd-knikken en zich zo nu en dan met 'n ruk omkerend, als de stof hen in't gezig waait. Slordige haren en grauwe aangezichten, nu en dan met de achterzijde van de hand afgewist, met de verzuchting van „mastig die stof." (bl.63)

Die naakte werklikheid van armoede word hier aan ons blootgestel. Ons voel die neerdrukkende hopeloosheid van hierdie mense se bestaan. Daar is nie 'n enkele ligpunt nie. As van Melle sy arm mense beskrywe, is hy geneig om die verflenterde, liederlike voorkomste van die bywonersvrou, die morsigheid van die kinders te verswyg. Hy is dikwels meer gesteld op hulle lewenshouding as hulle leefwyse.

Soos van Melle is Lub ook geïnteresseerd in die Afrikaanse volksverlede. In die verhaal 'n Vergete Voortrekker wys hy op die onreg daarvan dat 'n ou Voortrekker, weens armoede, op sy oudag saam met die kaffers in die myne moet gaan werk. Die werk in die myne verhaas sy dood en op sy sterfbed spreek Oom Petrus daardie gedagtes uit wat Lub graag onder die aandag van sy lesers wil bring:

„Ja, daar sal weer 'n voortrekker dood wees, maar daar sal nie in die krant o'er hom geskryf word nie van sijn dade, nie van sijn vegte; sijn naam sal hul nie noem onder die,

wat die land het skoon gemaak maar hij het zijn plig gedaan, so goed als die andere ... ewe goed," „Ja," gaan hij aan, „wat ook zijn plig gedaan het en ... nou .. in ... armoede .. sterf." (bl. 30)

Lub is sterk onder die indruk van die veenedering wat hierdie Voortrekker moet ondergaan. Van Melle sou dieper as die skyn van sake wou deurbring. As hy die verhaal geskrywe het, sou hy hom tot taak gestel het om uit te vind of Oom Petrus werklik daardie karaktertrekke geopenbaar het wat ons aan die Voortrekkers toeskrywe. Is ons assosiasies met die naam Voortrekker geregverdig deur die handelwyse van hierdie man self? Is dit 'n groter skande vir hom, as gewese Voortrekker, om in die myne te gaan werk as vir enige ander man van daardie ouderdom?

Dit is met vrae van hierdie aard dat van Melle hom besighou in die verhaal Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers. Van Melle doen 'n poging om deur te dring tot die waarheid insake die voorgeslag. Is die hulde wat die nageslag aan hulle bring, geregverdig? Hy beskou die saak heeltemal objektief en onpartydig. Deur sy denkbeeldige ontmoetings met die Voortrekkers toon hy aan ons hulle bekrompenheid, twisgierigheid, heersugtigheid, sowel as hulle deugde. Van Melle is onder geen omstandighede tevrede met 'n halwe waarheid nie, en hy is in hierdie opsig eerliker as Lub.

Sy opvatting is ruimer en hy sien sy mense en gebeurtenisse in 'n breër perspektief. In sy verhale Annie, Siektes, Weggespoeld, Goudhandel, sien ons dat Lub onder die indruk wat die verhaal onmiddellik op hom maak, verkeer. Hy probeer nie om die breër betekenis van die gebeurtenis of die invloed daarvan op die mense se lewens te bepaal nie. In die verhaal

Goudhandel, beskrywe hy hoe twee Jode vir Podawsky en 'n jong Afrikaner, Jan onwetend in die goudhandel inrokket, en hoe hulle uiteindelik in die tronk beland. Die gebeurtenisse word fotografies weergegee en ons word nie gewys op die invloed wat hierdie wedervaringe op die mense se lewensopvatting gaan uitoefen nie. Van Melle beskou sy mense op 'n groter afstand. Hy is nie soseer geïnteresseerd in die onmiddellike gebeurtenis nie as in die manier waarop dit sy persone se lewens sal beïnvloed. Ons sien b.v. in die verhaal Pop dat die klem nie gelê word op Pop se besluit om met oom Jan te trou en haar daaropvolgende huwelik nie, maar die sterkste indruk wat by ons nagelaat word, is die beeld van Pop wat haar kop in haar hande verberg en bitterlik ween oor die stap wat sy gedoen het.

Uit hierdie manier van beskouing vloei voort van Melle se neiging om na te dink oor die dieper betekenis van die skynbaar alledaagse dinge, en dit lei dan uiteindelik tot sy bespiegelende verhale. In die bespiegelende verhale het die slinger geswaai tot die ander uiterste, en nou dien die verhaal slegs as 'n inkledingsmiddel van 'n gedagte.

Alhoewel daar op die oog 'n treffende coreenkoms tussen Lub en van Melle en Mostert skyn te wees, sien ons dus dat hier die drie skrywers wesenlik baie van mekaar verskil. Waar Lub die onverbiddelike realis en Mostert die romantiese idealis is, hou van Melle die middelweg met sy fyn waarneming, sy raak weergawe, begrypende liefde en veral sy onuitwisbare vertroue in die mense oor wie hy skrywe.

HOOFSTUK V.

VAN MELLE SE WERKMETODE EN STYL.

... In sy beste verhale sien ons van Melle as 'n skrywer wat nie maklik tevrede is met wat hy geskrywe het nie. As 'n gedagte hom beetpak, sal hy rondsoek totdat hy 'n geskikte uitingsmiddel daarvoor vind. Nie alleen sal die eerste die beste verhaal hom nie bevredig nie, maar elke voorvalletjie en elke karakter in die verhaal word herhaaldelik getoets om te sien of hulle 'n suiwer vertolking van die gedagte gee. Van Melle pas in hierdie verhale die strengste selfkritiek toe.

Hierdie eienskap van van Melle as skrywer het baie duidelik geblyk toe ek, nadat ek die meeste van sy bundels kortverhale gelees het, een van sy eerste werke Zuid-Afrikaanse Schetsen teëkom. In hierdie bundel wat in 1927 gepubliseer is, vind ons die oorspronklike verhale van elf van die wat later onder ander titels verskyn het. Van Melle was klaarblyklik nie tevrede met die verhale in hulle eerste vorm nie. Onvermoeid het hy dus van vooraf weer te werk gegaan en dieselfde tema op 'n ander manier probeer uitwerk. Soms het die tema hom geheel-en-al nie meer bevredig nie, en dan het hy aan die verhaal 'n totale nuwe wending gegee (Oom Karel neem sy Geweer Saam en Versoening)

Ons het reeds gesien hoedat die twee kort sketse Wederge-nomen en Pop's Huwelik uitgebrei is tot die lang kortverhale Wraak en Pop. Ons het ook gesien hoedat van Melle in die nuwe verhale die gevaar loop om die oorspronklike temas soveel uit te brei, dat die ingevoegde karakters en voorvalle dreig om die oorspronklike tema te oorskadu. In hierdie opsig is die ou verhale meer gekonsentreerd en dus meer effektief.

Oor die algemeen kan ons egter sê dat van Melle 'n baie groot vooruitgang toon in die nuwe verhale. Veral in die twee verhale waar hy die oorspronklike temas verander het, toon hy 'n dieper insig in die lewe en 'n suiwerder mensekennis. Ek dink eerstens aan die verhaal De Oude Jachter wat later verwerk is tot Oom Karel neem sy geweer saam. Ou oom Christiaan (die latere oom Karel) is oud van dae en wil voor sy dood nog eenkeer na sy geliefde Bosveld gaan. As hy daar kom, stem dit hom treurig om te sien hoe min wild daar oorbly, 'n leeu of 'n tier is nie meer te sien nie. Die geharde ou jagter spreek nou die wens uit dat daar in die hemel nie gewere toegelaat moet word nie, sodat die diere daar nie soos hier op die aarde deur mense hande uitgeroei kan word nie.

Hierdie verhaal het egter nie vir van Melle bevredig nie, want later skryf hy dit oor, en hierdie keer is die een begeerte van die ou man dat daar in die hemel gewere móet wees en ook bese magte en wilde diere teen wie hy kan oorlog maak. Die tweede verhaal is baie mensliker. Oom Karel is 'n mens wat jy liefkry bloot om sy eenvoud en sy kinderlike strydlustigheid. Hy is 'n mens van vlees en bloed en sy begeerte om in die hemel te kan aanhou met oorlogmaak, is menslik en aanneemlik en in ooreenstemming met sy hele karakter. In die tweede verhaal is slaag van Melle daarin om 'n mens te skep wat altyd sal leef in die Afrikaanse Letterkunde en in sy lesers se harte, terwyl die oorspronklike oom Christiaan kleurloos en onoortuigend bly.

Oom Daan en die Dood is ook veel beter as die eerste verhaal Zijn Voorbereiding. In albei gevalle word Oom Daan deur die onrustigheid van sy seuntjie, wat met die helm gebore is, gewaarsku dat sy dood naby is. In Zijn Voorbereiding word aan oom Daan die tyd gegun om vergoeding te doen aan die mense vir wie hy lank gelede 'n onreg aangedoen het, en hy

sterf dus 'n regverdige man. In die later verhaal word 'n sterker dramatiese effek bereik deurdat oom Daan nie daarin slaag om sy sake op aarde in orde te bring voordat hy moet sterf nie.

Sedert die verskyning van die eerste bundel het van Melle geleer dat min woorde soms 'n toneel baie beter skilder as oormatige beskrywing. Vergelyk een van die sinne in die slot-toneel van Thuis-koms in Zuid-Afrikaanse Schetsen met die eenvoud van die later verwerking. Van Melle is besig om die man en vrou wat swaar getref is deur die teenspoed, te beskrywe :

„Het lichte langzaam van uit hun ziel, heel diep uit het myn-diepe, uit het sterre-hoge van hun grote onbekende ziel, en het ontmoette en kwam zamen en omlichtte hen beiden in een duizelende heerlijkheid van kleurloos licht." (bl. 13)

Later kry ons slegs „Breed is die groot teenspoed om hulle, en daar binne, asof opgesluit, benoud en alleen, hulle twee. So digbymekaar is hulle nou." (bl.88)

Ons word getref deur die suiwer plastiek van die laaste beskrywing in vergelyking met die niksseggende oormaat van woorde in die eerste verhaal .

Van Melle se styl is enig van sy soort in die Afrikaanse Letterkunde. Hy maak gebruik van kort staccato-sinnetjies wat effens hakkerig mekaar opvolg. Hierdie manier van beskrywing gee eers die indruk van onbeholpendheid, van onsekerheid oor wat hy wil sê en hinder die leser wat nog nie aan sy styl gewoond is nie. Juis deur hierdie manier van skrywe slaag hy egter daarin om 'n baie direkte weergawe van die werklikheid te gee.

Laat ons 'n paar voorbeelde nagaan. Van Melle beskrywe 'n bywoner wat moeg en sat na 'n dag se harde werk huistoe strompel :

„ Dis mamiddag, omtrent drie-uur. Met lang treë kom Laubscher van sy lande af gestap na sy huistoe. Dis Saterdag, en daarom het hy vroeg opgehou. Sy kaffer bly nog agter by die osse om hulle op te pas in die land. Toe hy die spruitjie oorgaan, drink hy eers, en dan gaan hy sit Hy trek sy velskoene uit en steek sy swart bestofde voete in die koel water. So sit hy en rus. Hy voel so deur en deur moeg, afgewerk van die hele week se ploëry, en so sit hy lank tot sy voete naderhand yskoud is van die koue water." (Dawid Booysen. bl. 77)

Van Melle het hier raak gesien en raak en oortuigend geteken. Deur gebruik te maak van die kort sinnetjies en die direkte manier van beskrywing slaag hy daarin om elke beweging van Laubscher aanskoulik te teken.

Kon Tant Fya, die bywoner se vrou, anders gedink het as in hierdie kort sinnetjies weergegee ?

„ Ag, dit was 'n triestige begrafnis. Daar was tog so min mense gewees Die predikant was ook nie daar nie. Hy was weg gewees toe hulle hom laat roep het. Miskien daar gelukkig, want die man is altyd so aangedaan by sulke geleenthede. En die mense het toel so gehuil. Jan Duvenage was koster, maar hy het ook elke maal vasgesteek." (Dawid Booysen bl. 49)

Ons kom tot die gevolgtrekking dat van Melle se styl volkome aanpas by die onderwerpe waaroor hy skrywe en in vergelyking met die woordryke styl wat ons so dikwels by ander Afrikaanse skrywers aantref, kernagtig en fris en spontaan is.

Van Melle maak nie dikwels gebruik van beelde nie, en waar ons hulle wel aantref, gaan dit nie eerstens om die beskrywing nie, maar is dit om een of ander gevoelstemming wat deur die gebruik van beelde verhoog word, uit te druk. Die leser kan gewoonlik van van Melle se taal aflei of hy emosionele

waarde aan die saak heg of nie. Die verhouding van Dawid Booyesen teenoor sy drie vrouens word weerspieël in sy gebruik van beelde as hy aan hulle dink. Van Maria, wat hy die liefste gehad het, sê hy : „Haar oë is soos 'n dammetjie water, haar gesig is soos die veld op die middel van die dag. Haar lyf as sy loop, is soos die riete in die rivier as die wind effens waai." (bl. 16) Hy gebruik nooit 'n enkele beeld as hy aan Duif dink nie, maar Heila, die jong meisie wat hy amper so liefhet soos sy eerste vrou, beskrywe hy as volg : „Sy is so fris soos 'n Yoos. As sy jou verbygaan kom daar iets om jou af soos 'n lentewind. As sy by jou is voel dit soos by 'n oop venster in die somer as 'n windjie om jou kop streel." (bl. 254)

Daar is nie 'n groot verskeidenheid in die beelde wat van Melle gebruik nie. Hy put sy beelde gewoonlik uit die onmiddellike omgewing van die mense oor wie hy skrywe. Beelde uit die plaaslewe is volop. Ek gee 'n paar voorbeelde aan :

„Hier sal ons soos 'n klomp ploegskare lê en verroes," sê Bart. (En Ek Is Nog Hy. bl. 149.)

„Ons is twee ou maats. Soos twee karperde. Ons runnik al die tyd na mekaar as ons nie bymekaar is nie." (Mense gaan verby. bl. 72.)

Ons kry ook beelde uit die huislikelewe :

„Maar hulle lewe sal wees soos twee mense op 'n kamerwoning, 'n lewe sonder ruimte." (Venster aan die Straat. bl. 166)

Stil „soos wanneer van 'n kamer waarin gepraat word, die deur toegemaak word." ens. (Mense gaan verby. bl. 30)

Of uit die Natuur : „Die geesdrif het in hom gekom soos na 'n reëndag 'n ondergaande son soms kans kry om nog effens onder die wolke deur die vlakte te beskyn." (Mense gaan verby. bl. 26)

Sommige van van Melle se beelde is treffend en ander is weer minder oorspronklik. Hy is geneig om besondere beelde wat hom getref het, baie dikwels te herhaal soos b.v. Dis stil „soos in 'n kamer; " of een of ander iets „omhul hom soos 'n newel" of „soos mistige weer." Hy gebruik egter nooit beelde vir doelbewuste „mooiskrywery" nie. Die beelde is slegs daar om een of ander evokatiewe funksie te vervul en is dikwels selfs „ondigterlik" en eenvoudig soos sy sinne. Van Oom Karel skryf hy : Hy is soos 'n ou perd wat hulle goed oppas; 'n vat wat leegloop; 'n dam wat aan die opdroë is. Hy is soos 'n ou pad, netnou geen pad meer nie; hy is soos 'n blom in 'n glas water, netnou dood." (Oom Daan en die Dood. bl. 149)

Miskien is dit juis hierdie eenvoud, ons kan amper sê, onverskilligheid, in sy beeldspraak wat dit so verfrissend en effektief maak.

S L O T.

Ten slotte wil ek probeer om die waarde van van Melle as skrywer te bepaal. Volgens watter standarde gaan ons hom beoordeel ?

In die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring 1943, skryf van Melle : „ 'n Digter (of skrywer) van betekenis besit gewoonlik drie voortreflikhede. Hy moet woordkunstenaar wees, en 'n denker en 'n siener." Hy omskryf hierdie voortreflikhede verder as „Die krag om diep te delf; die gawe om verborgenhede op onverwagte oomblikke oop en bloot voor jou te sien lê; en die vermoë om in boeiende taal jou skatte van kennis en begrip te beskryf." (3)

Die drie vereistes wat van Melle hier stel, kan ons aanneem as 'n algemene standaard waarvolgens 'n skrywer getoets kan word. Vind ons hierdie drie eienskappe by van Melle ?

In die eerste plek het ons reeds aangetoon dat van Melle in sy stemmingsverhale bewys lewer dat hy wel 'n woordkunstenaar van besonder hoë gehalte is. Hy besit ongetwyfeld die gawe om 'n toneel op so'n manier te beskrywe dat die leser hom geheel- en al in die omstandighede kan inleef. (vgl. Die Bosveldsketse)

Ons het ook gesien uit sy bespiegelende verhale, sowel as uit sy strekkingromans, dat van Melle 'n denker is. Hy is nie tevrede om die skyn van dinge as die waarheid aan te neem nie, maar wil deurdring tot die werklikheid wat agter die uiterlike verborge lê.

Kan ons hom as 'n siener bestempel ? Van Melle tref 'n verskil tussen 'n denker en 'n siener. „Siener wees is iets anders as om 'n denker te wees. 'n Denker is soos iemand wat 'n berg beklim en deur woude en slote en teen skuinstes uit met

(3) Ons Poësie deur van Melle in die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring van 1943. bl. 109.

moeite 'n top bereik. 'n Siener is iemand wat plotseling opgehef word en van 'n hoogte die omtrek oorsien. Hy is soos 'n mens vir wie die donkerte om hom heen skielik verlig word; of soos 'n man wat lank sit en wag het voor 'n geheim en onverwags die sleutel in sy hand vind." (bls. 109)

As ons sy verhale lees, vind ons dat van Melle soms wel vir ons op 'n verrassende manier tot 'n nuwe insig of 'n nuwe waarheid bring. Ek dink hier veral aan die slottoneel in die roman En Ek Is Nog Hy. Wanneer ons die laaste woorde van Bart Nel lees, is dit asof daar deur ons ook 'n skok van erkenning gaan. Soos Bart Nel word ons bewus daarvan dat daar in ons blote menswees 'n krag verskuil lê wat niemand ons ooit kan ontnem nie. Soms toon van Melle dus wel dat hy nie net 'n denker maar ook 'n siener is.

Kan ons dan met reg sê dat ons vir van Melle as 'n skrywer van betekenis in die Afrikaanse Letterkunde kan beskou? Myns insiens: ja, met die een voorbehoud - dat ons moet besef dat sy werk van baie ongelyke gehalte is. Soos ons in hierdie verhandeling reeds aangetoon het, is dit slegs in 'n geringe aantal verhale dat ons vir hom as ware kunstenaar leer ken.

B I B L I O G R A F I E .

BOEKE DEUR V A N M E L L E GESKRYWE.

ROMANS :

Bart Nel - De Opstandeling (En Ek Is Nog Hy).
Dawid Booysen.

KORTVERHALEN

Oom Daan en die Dood.
Venster aan die straat.
Mense gaan verby.
Oom Freek le Grange se Derde Vrou.
Paaie wat wegraak.
Vergesigte.
Begeestering.
Zuid-Afrikaanse Schetsen.
Denker kom Kyk.

ANDER BRONNE GERAADPLEEG:

Ons eie Boek.
Die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring.
H.A. Mulder - Twee Wêrelde.
